# Die Thiatire Kerkeeu

Jeffersonville, Indiana, USA
8 Desember 1960

1 Nou vanaand is ons … Net voor ons in hierdie groot kerkeeu ingaan … Ek—ek hoop net ons Here stort Sy Gees op ons uit net … en seën ons weer. En ons kan nou net die hoogtepunte aanraak, want, in die groot gebeurtenis om aan te kom, sou ons die hele week lank hier wees. En, o, gisteraand het ons so 'n heerlike tyd gehad!

Wel, nou net voor ons die Skrifte lees, kan ons net ons—ons posisie verander vir 'n paar oomblikke en staan vir 'n woord van gebed:

2 Ons genadige Hemelse Vader, ons kom in die algenoegsame Naam van die Here Jesus, in die wete dat U eendag sal kom. En ons probeer die harte van die mense voorberei om hierdie groot openbaring te ontvang dat U die lewende Seun van God is; nie dood nie, maar lewend tot in ewigheid; en lewe in U Kerk as die Getuie van Pinkster, van daardie groot tyd wanneer die tyd van verfrissing sou kom van die Teenwoordigheid van die Here. Ons is so bly om daardie tye hier na negentienhonderd jaar te geniet.

En, Vader, ons buig nederig ons hoofde ten opsigte van hierdie groot manne deur die eeue, daardie sterre wat U in U hand gehou het, wat U gesê het was: "engele van die Kerkeeue," die predikers. Hoe dank ons U vir groot Paulus van Efése. Hoe dank ons U vir Irenaeus, O Here, Irenaeus, die groot dienskneg van U, en vir Sint Martin; en vanaand vir Sint Columba. Here, hoe dank ons U vir hierdie manne. Te midde van donker Romanisme, heidendom wat in die kerk gekom het, het hulle dapper gestaan vir die Pinkster Boodskap en seëning, spreek in tale, en—en groot tekens en wonders, die genesing van die siekes, en die dooies opwek.

3 Baie van hulle, Here, is uitmekaar getrek, en doodgemaak, en vir leeus gevoer; groot dinge het plaasgevind. Die aarde is deurdrenk met die bloed van die regverdiges. En, Vader, hulle bloed roep vandag uit teen daardie bose, owerspelige kerk. En U het gesê, eendag wanneer U ... uitgestort het … "Die engel sy skaal daarop gegooi het, en die—die bloed van elke martelaar was daarin gevind."

Here, help ons om … gereed te wees om nou te staan, want die tyd is besig om nader te kom. Soos ons hierdie twee-horing dier sien opstaan uit die aarde, nie uit die digtheid en menigtes van mense nie: "Met horings soos 'n lam, maar dit het gespreek soos die draak." Ons glo daardie uur is nou op hande, Vader, wanneer hierdie kerke hulleself saam verenig: "Maak 'n beeld van die dier"; en dit sal verskriklik wees op daardie groep, Here, wat nie sal aansluit nie. Die einste boikot sal kom, maar in daardie uur het U belowe om U Kerk te neem. Help ons, Here.

4 Voor een druppel water geval het, was Noag in die ark. Voor die vuur Sodom kon tref, was Lot weg. Vader, ons glo, voor die atoomkragte ooit hierdie aarde aan stukke blaas, sal die Kerk weg wees. Ons is so bly, Here. En, ons weet dat die bomme in die loodse hang, vanaand.

En ons kan na die Hemel kyk en die Seun van die mens sien opstaan uit Sy Troon om na die aarde te kom vir die Wegraping van Sy Kerk, en weet dat Sy kosbare voete nie hierdie sondige aarde sal raak op daardie tyd nie; want soos Rebekka op die kameel gery en van die kameel afgespring het, reg tussen die huis van Abraham, het sy in die veld haar bruid ontmoet. O God, en die Kerk sal ons Bruid in die lug ontmoet: "Want ons wat lewe en oorbly, sal dié wat slaap, nie keer of verhinder nie. Die basuin van God sal weerklink, die dooies in Christus sal eerste opstaan, en ons sal saam met hulle weggeraap word om die Here (in die veld) in die lug te ontmoet, en vir ewig by Hom te wees."

O, help ons vanaand, Here. Gee ons soetheid van ons Geeste, en neem alle bitterheid en onverskilligheid van ons af weg, en mag ons so ineensmelt met die Heilige Gees. Laat die Engel van God vanaand regeer.

Here, ek weet nie wat om vir hierdie mense te sê nie. Nou, ek het die geskiedenis en dinge neergeskryf van wat U gedoen het, maar dit neem U om die toekoms te interpreteer, so ek bid dat U dit sal skenk deur Jesus Christus se Naam. Amen.

5 Nou laat ons nou blaai na die Boek van die Openbaring. En ons is vanaand op die kerkeeu van … Die vierde kerkeeu, Thiatire, groot kerkeeu bekend as die Donker Eeu. Hierdie kerkeeu begin by 606 en eindig dan by 1520. Ek … Was al wat ek kon doen, dit uitkies. Baie geleerdes neem—neem Sint Patrick as die ster of die … elkeen …

Sewe sterre was die "sewe engele" van die Sewe Kerkeeue. Ons weet môreaand, sonder twyfel, Luther; en dan Wesley. Ons weet nie wie hierdie Laodicése kerkster sal wees nie. Dis … Ons is nou in die eeu, was sedert 1906 aan die begin van Pinkster. Maar daar sal 'n engel opstaan wat al die dogmas sal uitsmoor, die Kerk sal neem, gereed om Huis toe te gaan. Nou, een of ander meester van—van … in Gees, wat sal opstaan met tekens en wonders. Nou, ek bid dat God ons sal help om dit te weet.

6 Met die uitsoek hiervan, dit deur te kyk, was Sint Patrick 'n groot kêrel. En deur sommige van die ou

antieke manuskripte te bekom, Sint Patrick was nie 'n Katoliek nie. Hy het teen die Katolieke kerk geprotesteer. En gedurende die tyd van die Hervorming is daardie dogma wat hulle gehad het, opgegrawe, en het bewys dat Sint Patrick die Katolieke kerk geprotesteer het. Dat … Sint Patrick was meer soos 'n organisasie man, hy het sy eie skool gehad. Hy het eers … toe hy op die oewer van die see ontvoer is, hy, en sy twee sustertjies waarvan hy nooit weer gehoor het nie. Hulle is weggeneem, waarskynlik na Rome, en as slawe verkoop. Hy is ook geneem en verkoop as 'n slaaf en is 'n werk gegee om varke op te pas.

7 Hy het honde opgelei om te sorg—sorg vir sy varke, ensovoorts; en hulle sou kom deur verskillende gromme en dinge wat hy die honde sou gee. En dit was uiteindelik 'n manier van ontsnapping, in die bodem van 'n boot, toe die honde hom toegemaak het totdat hy op die see gekom het. Later gekom na sy eie lieflike plek, Ierland, en sy moeder en vader gevind wat nog lewe. En Sint Patrick was 'n—'n neef van die groot Sint Martin.

Wat een van die grootstes was wat ons ooit gehad het in die lyn van mense sedert Jesus Christus, was Sint Martin. Sy kerke was almal gevul met die Heilige Gees, hulle het almal in tale gepraat, het tekens en wonders gehad, en wonderwerke, net alle soorte wonderwerke wat plaasgevind het. Hy het die pinkster Geloof behou te midde van daardie kerkeeu wat getrou het met Katolisisme; heidendom en die Nikolaïete wat saam getrou het, maak 'n organisasie. En maak die—die Nikolaïete … Dat ons hulle Nicko noem, beteken "om te oorwin." "Oorwin of werp die lekedom omver," en neem die Heilige Gees weg van die gemeente, en "net die priester is heilig, net die man." Sien? En dan lewe hulle op enige manier wat hulle wil, skat ek, en net solank as julle dit aan die priester bely. Toe het hulle …

8 Gisteraand gevind, dat—dat hulle hulle opgerig het, dat Konstantyn die eerste biskop opgerig het, en dit gesit het … hierdie geboue vir hulle gegee het, soos ons vir julle die datums gee en alles wat julle het. En toe het hulle die groot sonstilstandfees daar gehou, wat die 21ste dag van Desember was, die kortste dag in die jaar. En het toe hierdie kettery ingebring, synde dat Hy die "son dag" was. Sien, die—die dag van die son verjaarsdag, hulle het die geboorte van Jesus Christus gebring van April tot die 25ste Desember.

Desember. Deur daardie vyf dae was toe die Romeine hulle groot vieringe gehad het, die sirkus, ensovoorts, en dis toe hulle hierdie groot heidense fees gehou het. En hulle het hierdie man as 'n god self daarbo gesit, en hom geklee en alles. En hulle het hulle god reg by hulle gehad. En die … dis toe die postmillennium mense ontstaan het, net daar, want hulle het gedink die kerk was in die Millennium net daar. Sien, want hulle was ryk, het niks nodig gehad nie, staat en kerk almal saam. "Millennium is aan," is steeds 'n Katolieke leer tot vandag toe. Sien? Nou, "die Millennium aan," want ons weet dat dit verkeerd is. Die Millennium: die Tweede Koms van Christus bring die Millennium. Dis reg.

> Die aarde sug, roep uit vir daardie dag van soet vrylating,
> Wanneer ons Here weer na die aarde sal terugkom.

9 Nou, hierdie groot heilige hier was Columba. Hy was 'n groot man van God.

Nou, ek het sy geskiedenis soort van hier neergeskryf. Eerstens, die vierde kerkeeu, *Thiatire*, beteken om "laks, los," of "wasig" te wees. Sien? Dit was net 'n buite-egtelike tyd van 606 tot 1500.

Die ster was Columba van Ierland en Skotland, wat 'n broerskind van Sint Martin was; en het omtrent sestig jaar na Sint Patrick gelewe, en so het sy bediening begin omtrent sestig jaar na Sint Patrick. Sy …

Hy het nooit die Romeinse leerstelling aanvaar nie. Hy was 'n groot man van geloof. Hy het die Roomse lering verwerp; het nooit na Rome gegaan nie, en dit heeltemal verwerp. Is, ek kon nie sien waar hulle hom ooit gekanoniseer het nie. Soos hulle Sint Martin en hulle gemaak het, het hulle hom en Irenaeus nie gekanoniseer nie omdat hulle steeds in daardie Kerk was wat tekens en wonders van Pinkster gehad het, maar geglo het. Hy het nooit die Roomse lering op hulle leringe geneem nie. Hy het die Bybel geneem vir die lering soos sy goddelike moeder, die suster van Sint Martin, en het nooit die Romeinse leringe op enige tyd geneem nie. Hy het geleer dat tekens van Markus 16 elke gelowige moet volg. Amen! Ek … Dis die soort kêrel waarvan ek hou; wat glo. Ja, meneer.

Hy—hy het God se hoorbare Stem hoor roep. Dis nog 'n goeie teken vir hom, sien. Toe kon niks hom daarna keer nie, hy was weg, uh-hum, uh-huh, hy was op die pad toe hy die hoorbare Stem van God gehoor het.

10 Een wonderwerk … Ek het verskeie skry- … hier, maar as ons net hierdie een neem. Een wonderwerk was dat toe hy na 'n sekere stad gegaan het waarheen die Here hom gestuur het, en die stad hom nie wou ontvang nie, toe het hulle daarheen gegaan en probeer om … die musikante gevat, ensovoorts, en die poorte toegemaak en het hom probeer uitdoof deur te speel, die musikante. En hy het begin preek, en dit het die musikante uitgedoof en die poorte het oopgegaan, hy het ingegaan en in elk geval gepreek. Hy het die hele klomp bekeer gekry.

Hier is nog 'n kleintjie waaroor ek net soort van wil praat. Hy het in 'n stad ingegaan. Hulle het hulle stede ommuur gehad in daardie dae, natuurlik. Toe het hy na die stad gegaan, en hulle het hom weggewys. Hy het weggegaan, en die hoofman se seun het geweldig siek geword, en hulle het met die pad af gestuur agter die goeie heilige aan. Hy het teruggekom en homself oor die sterwende seun gelê, en hy het lewendig geword.

11 Sy kerk was gevul met die Heilige Gees, hy sou niks minder hê nie, want elke lidmaat van sy kerk moet gevul word met die Heilige Gees. En hy het geprotesteer en die hiërargie van Rome hoogs gehaat. Ek glo hy was die ster van die eeu. Wat het hy gedoen? Met praat in tale, die doop in die Naam van die Here Jesus, die uitvoering van die einste dinge wat hulle begin het. As die God oneindig is, en dis hoe Hy Sy Kerk in die begin opgestel het, moet dit dieselfde bly, en dit het (selfs in die minderheid) die hele pad; amper *hier* uitgestoot, kom weer terug deur Luther.

12 Nou, ons wil nou begin, en kyk of ons sommige van hierdie verse nou kan begin afkry, by … ons sal begin by die 18de vers:

*... skryf aan die engel van die gemeente in Thiatíre: ...*

Het julle opgelet hierdie—hierdie adresserings? Hierdie boodskappe is gerig aan die engel, of die prediker wat die Lig dra van daardie kerkeeu. Sien? Nou, gisteraand het ons uitgevind, met die afsluiting van hierdie ander kerkeeu van—van Pérgamus, dat die engel van die kerk (in die oorwinning van hierdie kerkeeu) 'n steen sou ontvang. En in hierdie steen …

Nou, ons het daardie "steen" geneem en gesimboliseer, dit beteken 'n "klip." Wat is dit? Die engel sou een wees soos Petrus, genoem "steen."

13 Vind uit dat jou naam 'n invloed het op jou lewe. Nou, ek kan nie teveel daarvan doen nie, want die duiwel het 'n valse numerologie; ons weet dit; begin om mense te laat *voel*, ensovoorts soos dit, wat op spiritualisme uitloop. En spiritualisme is van die duiwel. Ons weet dit. En dis die manier, jy moet dophou. Soos hulle …

Die rede waarom hulle Jesus 'n "Beëlsebul" genoem het, 'n "duiwel," omdat, julle sien, Hy hulle gedagtes kon onderskei. Sien, maar Hy was die Woord van God. En Hebreërs 4 het gesê: "Die Woord van God, skerper as 'n tweesnydende swaard, onderskei selfs die gedagtes van die oorlegginge van die hart, die verstand." Sien? So, Hy was die Woord, Hy's die lewende Woord, en die lewende Woord kom in ons in en dan het Dit dieselfde effek op ons. Sien, dieselfde, want Dis dieselfde Woord. Sien, Dis dieselfde ding onder ons. En dis die manier. En partymaal praat diegene wat nie in daardie kategorie is nie, in tale, en 'n ander een interpreteer dit. Wat is dit? Die Woord het weer vlees geword onder ons.

14 En dan, ons let dan op dat hierdie engel sou ontvang … die engel van die kerkeeu wat die "steen" ontvang het. Dit was 'n *wit* steen, beteken nie sy eie geregtigheid nie, maar "God se Eie geregtigheid."

En in hierdie steen was "'n naam," 'n naam wat niemand geken het behalwe die een wat dit self ontvang het nie. Hy het dit geweet, maar niemand anders kon dit weet behalwe hy nie. So wanneer jy hierdie kêrel jou hoor vlei, hulle s'n vertel; hulle is "Johannes," hulle is "Paulus," hulle is "Maria," hulle is "*hierdie,*" "*daardie,*" of die "*ander*." Moet jy dit nie glo nie, want as dit was, sou hy nooit iets daaroor sê nie. Sien? Dis reg. Hy moet dit vir homself hou. Hy het geweet. Niemand het geweet behalwe hy self nie, maar hy het geweet omdat elke volmaakte oorwinnaar 'n nuwe naam ontvang op daardie—daardie—daardie manier.

15 Het julle opgelet Abraham word Abram genoem, maar toe God hom gaan gebruik het, het Hy sy naam verander na "Abraham." S-a-r-ra was Sarra, maar toe God haar wou gebruik, het Hy haar naam verander na S-a-r-r-a-h: *Sarah*: "prinses." Weet julle dat Jakob …? *Jakob* was "onderkruiper". *Esau* beteken "rooi," harig en rooi; rooikop, en rooi oraloor, is Esau. Nou, en *Jakob* was "onderkruiper". En die onderkruiper is 'n "bedrieër." Het Esau nie gesê: "Word sy naam nie *Jakob* genoem nie, 'onderkuiper'?" Maar toe hy die hele nag lank met die Here geworstel het, en oorwin en geseënd was, het God sy naam verander; Jakob na *Israel*: "'n prins by God." Paulus is *Saul* genoem totdat hy die Heilige Gees ontmoet het in die vorm van 'n Lig wat op hom geskyn het, sy naam is verander van Saul na "Paulus." Simon, toe hy Jesus ontmoet het, het Hy sy naam verander na "Petrus." Daardie …

En toe Jesus oorwin het, is Sy Naam verander. En Hy sou daardie Naam openbaar: "Hy wat met Hom sou wees, oorwin soos Hy het, hy het 'n nuwe naam ontvang; en Ek sal My nuwe Naam aan hom openbaar." Sien? En elke oorwinnaar, bedoel ek, onder diegene soos daardie: daardie leiers, ensovoorts. Nou, al die kinders van Israel het nie hulle naam verander gekry nie, natuurlik. Dis reg. Maar daardie hoë leiers, toe hulle oorwin het, het hulle 'n nuwe naam ontvang. Sien hoe dit inpas? Net perfek.

16 En nou vind ons uit dat hy ook "verborge manna" gekry het. Nou, verborge manna word getipeer na die toonbrood. Die toonbrood was vir priesters alleen. Dit is reg. Toonbrood was net vir die priester. En hulle … Dit was 'n spesiale ding gemaak vir die priester, dit is, die leiers; en hierdie man oorwin. Die hele

gemeente het manna gekry, maar hy het 'n *versteekte* (spesiale) *manna* gekry, of 'n *"spesiale openbaring*," o, van wie Jesus was, en wat van Hom, alles oor Hom. Sien, hy het daardie openbaring gekry as hy oorwin het, aan die engel. "Hou vas, want hy wat …" Hy het oorwin. Gerig aan die *engel* van die kerk. Sien?

17 Nou vind ons dan, vanaand, begin ons:

> *... skryf aan die engel van die gemeente in Thiatíre: Dít sê die Seun van God wat ... oë het ... soos 'n vuurvlam, en sy voete ... is soos blink koper:*

Nou, toe ons Hom gesien het in die eerste, Efése Eeu, of in die eerste begin van Openbaring, het ons Hom in Sy sewevoudige verheerlikte persoonlikheid gesien. "Hare …" Ons vind dat Johannes Hom oorkant gevind het in die Here se dag.

Wanneer Hy nou kom, is Hy 'n Priester. Toe Hy hier op aarde was, was Hy 'n Profeet, God se Profeet. Nou het Hy Sy Eie Bloed geneem en voor die Vader gegaan, wat Hom 'n Priester maak. Wanneer Hy terugkom sal Hy 'n Koning wees. Profeet, Priester, en Koning. Hy was God se Profeet, Hy was 'n Arend. Hy was God se Priester, Hy was 'n Lam. Wanneer Hy terugkom, sal Hy die Leeu wees, die Koning, (die stam van Juda) om te heers.

18 Maar tussen Sy Priesterlike werking, wanneer die heiligdom verlaat word, dan vind ons Hom daar staan. En Johannes het gesê hy was in die Gees op die "Here se dag"; nie die sewende dag nie, nie Sondag nie, dis alles verkeerd. Ons het dit uitgevind, dit deursoek in die Skrif, dit was die Here se dag. Hierdie is die dag van die mens. Die koms van die Here sal Sy dag wees.

En ons vind hom in die Here se dag. En toe hy die Here gesien het, het Hy "sneeuwit hare" gehad. En ons weet dat dit 'n regter verteenwoordig.

Nog 'n ding, Hy was toe nie Priester nie, want die Priester was om die middel vasgemaak, beteken diens. Maar Hy was om die bors vasgemaak, hierbo, wat beteken het dat Hy 'n Regter was. Amen! En ons het Hom sien loop in die middel van die sewe goue kandelare.

En nou het ons teruggegaan na die "Oue van Dae," synde *wit* by die Wit Troon Oordeel toe Daniël Hom gesien het: "Kom na die Oue van Dae Wie se hare so wit soos sneeu was."

Nou, "wit." Die ou Engelse regters deur die jare, was altyd, toe hulle in die regterstoel ingegaan het, het hulle 'n groot wit pruik opgesit, sneeuwit pruik, want hulle was regters. En Johannes het Hom gesien in die Here se dag, toe Hy 'n Regter was. Amen!

19 Nou vind ons uit dat "Hy oë gehad het soos vlamme van vuur." Daardie oë dan soos vuurvlamme … Eens was daardie oë dof van menslike trane. Hulle kon staan en huil oor 'n man wat sterf, en weet in die volgende vyf minute gaan hy weer lewe; maar net menslike simpatie. Maar agter dit was sulke krag dat Hy reg deur 'n man se lewe kon kyk en hom vertel wie hy was en alles daarvan. Omdat dit nou gekom het in hierdie refleksie as vuur. Oë wat heen en weer kan kyk deur die aarde en alles sien wat aangaan. Waar sal jy staan in die Oordeelsdag? Jou sondes sal nakend voor Hom wees.

En julle let op Hy het: "Uit Sy mond, 'n—'n skerp tweesnydende swaard," wat ons gevind het die *Woord* was.

Ons het gesien Sy voete was "mooi koper," ensovoorts, wat "Sy fondasie" beteken het. Hy het die parskuip van die toorn van die Almagtige God getrap, en vertrap en sonde op Hom geneem, en uitgestap, en God behaag. Dis reg. En Sy fondasie is ons fondasie:

Op Christus, die soliede Rots, staan ek; (het Eddie Perronet gesê.)
Alle ander gronde is sinkende sand. (Dis reg.)

20 Nou vind ons hier, elke keer wanneer Hy 'n kerkeeu ontmoet, spreek Hy hom aan as een van Sy Godheidsname. Nou vind ons uit daar, die eerste in alle openbaringe is die Godheid (die Opperste Godheid) van Jesus Christus: "Ek is Hy wat was, wat is, en sal kom. Ek is die eerste, en die laaste, die Almagtige God." Sien, die eerste openbaring. Johannes het omgedraai om te kyk wat met hom praat. Die eerste ding, Hy het hom aangespreek by …

Enige koning, wanneer hy aangespreek word, hy—hy—hy sê wie hy is; enigiemand. "Ek is *So-en-so* wanneer ek met jou praat, jy ken my nie. Ek is William Branham, ek's *John Doe*," wie dit ook al is.

Hy het gesê: "Ek is die eerste en die laaste; Hy wat lewend was en dood is; en lewend tot in ewigheid." O, goeiste! Die Godheid. Hier sien ons Hom in Sy sewevoudige persoonlikheid van Sy verheerlikte toestand. In elke kerkeeu benader Hy—Hy hulle in 'n ander een van daardie godhede, 'n ander een van daardie verheerlikte state.

21 Nou, vanaand kom Hy met 'n vlammende vuur. Hy kyk af in Laodicea … of af in Thiatire. Hierdie is die

eeu waarin die kerk in Katolisisme en heidendom ingetrou word, of Nikolaïtisme en heidendom saamgevoeg en gevorm en geboorte gegee het aan die eerste kerk, georganiseerde kerk.

En God het gesê dat die *dade* van die Nikolaïete (wat in die Efésiërs was), oorkant in die—die klein kerkie van Pérgamus het 'n "leer" geword, en gesê dit was "'n leer van Bileam." En Bileam was die een wat Israel geleer het om soontoe te gaan en hoerery te pleeg, of hulle het hoerery gepleeg met Moab (wat 'n louwarm kerklid was), of die gewone kerk, die groot organisasie. En ons vind uit dat God gesê het dat die Nikolaïetiese doktrine wat die … neem die … sit al die krag in 'n kerk en sit dit opsy en maak dit 'n organisasie, Hy het gesê: "Julle haat dit, en ek haat dit ook." Hy bly net sê: "Haat dit! Haat dit! Haat dit!" En dit het in volle gang gekom *hier*. Kyk hoe die kerk uitgedruk is, reg *hier* tot net 'n klein dingetjie, en dis die kerk waarop ons nou is.

22 Nou, in hierdie dag dat hierdie openbaring gekom het, of aan hierdie kerk was, was dit 'n dag wat Rome gebou het op die groot klippe van hulle plek, van hooi en strooi. Maar Hy spreek hierdie kerk aan dat "Hy bly steeds die vlammende vure wat afkyk deur die tyd, en Sy fondasie is nie hooi, stoppels nie, maar dis 'n soliede, beproefde koper in die vuuroond." Die fondasie is seker. Ek hou daarvan. Ons weet waar ons staan.

23 Goed:

> *Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste—laaste meer is as die eerste.*

Goed, dit lyk asof die kerk amper heeltemal afgesny is, net 'n bietjie afgeneem, en hulle het weggekom van die groot geestelike dienste, en het soort van op werke staatgemaak. God wil nie hê ons moet op werke staatmaak nie.

Dis 'n—'n teken van organisme. "Ons neem Mejuffrou Jones oor 'n bietjie hout. En ons sal *So-en-so*, hulle kinders, oor 'n paar klere neem." En dis in orde. Maar moenie daarop staatmaak nie, moenie dit doen nie. Broer, daardie—daardie—dit is goeie dade; 'n goeie, ordentlike burger sal dit doen. Maar wat dit neem om 'n Christen te wees, is 'n wedergebore ondervinding, die doop van die Heilige Gees. Goed.

Afgedwaal, is hulle gewend tot werke in plaas van liefde en geloof, wat die heeltyd meer en meer geword het soos dit aangegaan het.

24 Goed:

> *Ek ken jou werke*, ... Ek ken jou *geloof*, Ek ken jou *lydsaamheid*, ensovoorts ...

Maar nou gaan ons die 20ste vers neem, luister hierna:

> *Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en ... my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.*

Nou: "vrou." Wat het ons uitgevind *vrou* verteenwoordig gisteraand? Die "kerk." Nou, nou vind ons hier uit dat hulle "Nikolaïete" genoem is, "leer van Bileam," en nou het dit geword vir 'n "Isébel."

25 Nou: "Isébel." As julle sal oplet, hierdie is 'n groot geskiedenis. Nou, as julle dit wil neerskryf, begin in Eerste Konings, ongeveer die … Eerste Konings, ongeveer 16. Isébel was nie 'n dogter van Abraham nie; ook nie hierdie groep hier nie, die heidense Rome. Die Nikolaïete was 'n koue, formele klomp Christene wat hulleself afgesonder het van die ware Christene,"skynbaar nie die Geloof gehad het nie." En hulle wou die kerk soos 'n losie maak, dieselfde as wat hulle vandag het; soos 'n losie, geen Gees daarin nie; "Dae van wonderwerke is verby. Dit alles was vir 'n ander eeu. Ons het 'n broederskap." 'n Goeie Vrymesselaar, Vreemde Kêrel, of enigiets soos dit bring dit voort. En dis in orde, maar dit sal nooit die plek neem van 'n nuwe geboorte in Jesus Christus, verlossing vir die siel, hierdie Waarheid nie.

26 Goed, hierdie Isébel. Nou sy was 'n dogter van Abraham, dis waar, 'n prinses van 'n afgodedienaar. In daardie tyd toe die koninklike familie, haar koninklike familie, beroem was deur wrede barbaarse lojaliteit teenoor Baäl. Haar vader was 'n priester van die afgod van A-s-t-a-r-t-e (ek weet nie hoe jy dit uitspreek nie, ek het dit net in die geskiedenis opgetel). Agab het sy strategie gebruik soos Konstantyn. Hierdie groot magtige nasie het langs Israel gelê, so daarom …

Wat het Konstantyn gisteraand gedoen? Hy was nie bekeer nie. Hy was 'n politikus. Wat het hy probeer doen? Hy het die Christene geneem, toe hulle vir hom gesê het hulle sou bid … (En nou daar, onthou, hy pr- … ons praat nou van die Nikolaïete). En hy het gesê as hulle sou bid, en hy sou hierdie stryd wen, dan sou hy—sou hy 'n Christen wees. Hy het 'n droom gehad. Het sy skilde wit geverf, daardie nag, van die kruis. Waar die Ridders van Columbus gebore is, reg op daardie tyd; nou dis waar hulle hulle standpunt inneem. Maar hy het nooit enigiets soos 'n Christen gedoen nie! Op een van die Nikolaïetiese kerke, genaamd St. Sophia, het hy 'n kruis gesit. Soos ek gisteraand gesê het, dis die enigste ding wat hy ooit gedoen het wat enigiets geklink het soos hy was vir die kerk, sover ek ooit kon

optel uit enige van die bladsye van die geskiedenis; en baie ander geleerdes sê dieselfde ding. Ons weet nou niks van sy bekering nie. Maar waarin het hy gegaan? Die ding wat hy wou doen, hy het die meeste van Rome gesien, nou.

27 Nou kyk hierna, hou hierdie strategie dop. En kyk hoe die Bybel dit bevestig, God, honderde en honderde jare voor dit plaasgevind het. En Konstantyn het dieselfde strategie gebruik, wat God hier gesê het, wat Agab gebruik het.

Nou, Konstantyn het gesien 'n groot deel van sy mense was hierdie Nikolaïete, Christene. Party van hulle is "ketters" genoem, dis die Pinksters; hulle was "ketters en heilige rollers," en wat nog meer. Daar is waar jou ware tekens en wonders gelê het. Maar die natuurlike kerk het toe opgekom na die organisasie. Wat het hy gedoen? Konstantyn het 'n slim rol gespeel. Hy gaan soontoe en kry sy heidense vriende, en kry sy Christenvriende, en verenig die kerke saam, stig 'n—'n … bring heidendom in die Christendom. Christendom en heidendom het in die Pérgamus kerk getrou.

28 Nou, wat het Hy gesê hier hieroor vanaand? Dieselfde ding wat Agab gedoen het. Agab, om sy koninkryk te versterk, het met Isébel getrou, hierdie afgodsdienaar; om sy koninkryk te versterk, om meer krag in Israel te kry.

En dis wat die kerke probeer. Julle sien waar hulle probeer om 'n Bybel te maak, wil dit uithê volgende jaar in '62? Dat dit 'n Bybel is wat die Jode sal behaag, dit sal die Katolieke behaag, en die Protestante tevrede stel. O, broer! Ek het die koerantknipsel gekry. Ek het dit nie vanaand by my nie, julle het my dit nou die aand gehoor lees. Daar het julle dit, julle sien.

29 O, daardie dinge om te probeer vermeerder! Hulle neem God se heilige dinge en versprei hulle op enige manier, om te vermeerder en 'n klomp getalle te maak. Dis wat die kerk gedoen het. Dit het mense daarin aanvaar op die basis van handskud, en het afvalliges en alles anders, onwedergebore mense gekry. Maar in die ware Liggaam van Christus, wat nie 'n organisasie is nie, maar die mistieke—mitiese Liggaam van Christus, kan jy net daar inkom onder een manier, en dis deur die doop van die Heilige Gees. Reg! En dieselfde tekens wat daardie apostels getref het, tref die Kerk. Dis presies reg!

30 Nou, ons hoef nie toe te gee en te sê: "Wel, ons sal gaan aansluit by die Gemeentes nie. Ons sal gaan aansluit by die Eenheid. Ons sal *hierby* gaan aansluit, of die Baptis, of Metodis." Laat ons aansluit by Christus! Bly vry van hierdie dinge. Want elkeen van daardie organisasies is reg, maar hulle—hulle kry hulle leerstellings en hulle dinge, en jy moet gaan kyk of die algemene opsiener jou in daardie land sal laat inkom en 'n diens hou. As jy nie net presies soos hulle onderrig nie, dryf hulle jou uit, jy kan nie by die Bybel bly nie. God kan dit nie doen nie, Hy haat dit. Enige ander wedergebore Christen sou ook. Baie van daardie mense daarbuite is absoluut … wil doen, wil dien, en wil gemeenskap hê. Maar jy kan dit nie doen nie, hulle sal jou uitskop. Wel, laat hulle jou uitskop, gaan voort, kry die Heilige Gees in elk geval. Dis presies reg. Maar, julle sien, hulle—hulle wil daardie—daardie dogma kry. Hulle wil jouself kry waar jy baie geld het. Die Baptis het 'n slagspreuk gehad in '44: "Nog 'n miljoen in '44." Wat het hulle gekry?

31 Net soos die groot evangelis Billy Graham gesê het, toe hy in Louisville was: "Ek sal in 'n stad ingaan …" Het gesê: "Paulus sal in 'n stad ingaan, hy sal een bekeerling maak; volgende jaar terugkom het hy—het hy dertig van daardie een af; agter-agter-agter-agter-agterkleinkinders, van daardie een bekering." Hy het gesê: "Ek sal in 'n stad ingaan, dertigduisend oproep, ek sal volgende jaar teruggaan en kan nie dertig kry nie." En wat hy gesê het, hy—hy het 'n goeie stelling gemaak, maar steeds glo ek nie dat ons kosbare broer reg was nie. Hy het gesê: "Julle lui predikers." Gesê: "Ek sal jou hulle name en adres gee, jy sit met jou voete op die lessenaar en skryf vir hulle 'n brief in plaas van te gaan, met hulle te praat."

32 Ek—ek het hom soort van bewonder daarvoor. Ek hou van 'n man om te wees wat hy is, nie 'n huigelaar nie; staan reg uit en wees wat jy is. En ek hou daarvan. Maar ek wil graag sê: "Billy, wie was daar om daardie bekeerling te neem wat Paulus gehad het? Wat dit was, Billy, as jy net sou ophou om hulle daarheen te laat gaan en hande te skud, en wakker te word, en sê: 'Ja, ek aanvaar Jesus as my persoonlike Verlosser,' en hom daar laat bly totdat hy sterf en verrot, en wedergebore is deur die Heilige Gees, sal hy nuwe bekeerlinge maak."

Broer, jy's … hy blom met vuur, jy kan hom nie blus nie. Hy's soos 'n huis aan die brand in 'n sterk wind, jy kan dit net nie doen nie. O, hy versprei oral, broer, 'n ware bekeerling van Christus, hy kan nie stilsit nie. Hy's net … hy's aan die beweeg. O, ek is so bly! O, goeiste! Outydse doop van die Heilige Gees wat jou siel aan die brand steek! Kan nie stilstaan nie, wind wat jou waai, die magtige rukwind sal jou net aanhou waai. Waarom ek net aanhou om dit met die hout te voer, en aanhou gaan. Ja, meneer! Niemand moes Paulus se bekeerling neem nie, Paulus het hulle diep genoeg in Christus geneem totdat hy dood was vir homself, en lewendig in Christus, en *hy* het die res daarvan gedoen. Dis reg! Dis wat dit is.

33 Baptiste broers is goed. Maar nog 'n miljoen, wat help dit? Jy het nog 'n miljoen name. Wel, gaan sit net en maak 'n paar op as jy hulle daarop wil sit. Dis in orde, maar, broer, wat ons wil hê is name op die Lam se Boek van die Lewe, geslag vanaf die grondlegging van die wêreld, gewas in die Bloed, gevul met

die Heilige Gees, tekens en wonders wat jou volg.

34 Ondersoek die geskiedenis. Ek wens julle almal wil die Niceense Rade kry en daardie dinge lees, om te sien hoe daardie martelare daardie vlam van pinkster gehou het. Ek sal jou nou sê, broer, julle Baptiste, Metodiste, en wat jy ook al is, die ware egte Lig … dis nie die Pinkster organisasie nie, nou; maar die ware, egte Lig is die Pinkster Ondervinding. Af … Ek het nou vir dae en dae, daardie geskiedenisse, het in alles wat ek oral kan vind gegrawe, en dis daardie pinkstervlam wat lewendig gebly het van Pinkster af tot nou toe. Ja, meneer! Is uitgestoot.

35 Party van hulle sê: "Wel, die groot Katolieke kerk het die golwe deurstaan. Wel, dit bewys dat sy die ware Kerk is." Wel, dis geen vreemde ding vir my nie, met die staat en alles anders agter haar, dat sy kon bestaan. Maar wat die—wat die vreemde ding is, is daardie klein klompie wat afgetrek is, daardie klein minderheid, uitgeskop, in die tronk gegooi, in stukke gesaag. Hoe het hulle ooit bestaan? Want die Gees van die lewende God beweeg in hulle wese. En al die duiwels van die hel kan nie Daarteen standhou nie! "Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die hel kan nie daarteen standhou nie." Daar's die ware ding. Dis wat die Heilige Gees vir hierdie Metodiste predikers, ensovoorts, hier gegee het. Sien, dit laat hulle opstaan, doen iets aan jou. Dit sal nooit faal nie.

36 Agab, daardie skynheilige. Sien, hy gaan daarheen, hy sê: "Nou, as ek nou net kon konsolideer, en hierdie groot nasie kry. En as ek met daardie ou man se dogter daar onder trou, wel, dat … ons—ons sal vriende wees." Wat het hy gedoen? Verkoop sy einste geboorteregte.

Nou, wanneer hierdie Protestantse kerk wel teruggaan en verenig met die Katolieke kerk, sal dit dieselfde ding doen wat dit destyds gedoen het. Agab het gelewe in die dag toe …

Dit was drie keer. Hy was in die middernag ondervinding van die reis van Israel, en *hier* het dit weer middernag geword, en ons kom weer *hier* na die middernag. Drie geslagte voor dit; het *hier* ingegaan, *hier* in, en *hier* in.

37 Nou, as julle oplet, Agab het met Isébel getrou om sy mense te versterk. Dis presies wat Konstantyn gedoen het. Hy het 'n yslike groot kerk opgerig, en die altaar gevat en 'n groot marmer gemaak, hierdie man geklee, pous, hom daarop gesit. Hy was 'n lewende god, hy kon met hulle praat, en—en haar vertel van hulle sondes, en dit het net daardie ou louwarm kerk behaag, en weg is hulle. Sekerlik! Dis dit! Wel, maar dit het nie daardie man behaag wat wedergebore is nie, wanneer hulle dit neem en dan heidense seremonies van gebede opsê inbring. Wat het hulle gedoen? Hulle het Jupiter afgehaal en Petrus opgesit. Hulle het Venus afgehaal en Maria opgesit. En dit het—dit het heidendom in die Christelike geledere ingebring.

38 En toe Agab met Isébel getrou het, het hy dieselfde ding gedoen. Hy het afgodery in Israel ingebring. En wat het Isébel gedoen? Sy het elke profeet doodgemaak wat sy in die hande kon kry. Is dit reg? So het die pouse ook. Elke ware Christen wat hulle in die hande sou kry, hulle het hulle doodgemaak.

Maar daar was 'n ster van daardie eeu, ou Elía! O, ja, meneer! Hy was nie bang nie, vertel hulle daarvan. Ja, meneer! Hy was God se ster van *daardie* eeu. Het afgekom tot een keer wat hy gesê het: "Here, ek's die enigste een oor."

God het gesê: "Nou, wag 'n oomblik, wag 'n oomblik, wag 'n oomblik, Elía." Uh-huh. "Ek het sewehonderd wat wegkruip, daar oorkant. Sien? Jy weet nie waar hulle is nie. Hulle is daarbuite, die Fariseërs, Sadduseërs, Baptiste, Metodiste, en Presbiteriane, maar ek sal—ek sal hulle daar uitkry, wag jy net. Sien? Ek het hulle daarbuite. Daar's … hulle—hulle is—hulle is Myne, en hulle buig nog nie die knie voor Baäl nie." Maar ou Elía was die Stem van God in daardie dag. Hy was sekerlik die einste tipe van die Stem van God by die eerste koms van Christus, en dit sal weer die tipe Stem wees in die tweede koms van Christus, volgens die Skrifte.

39 Nou, ons vind uit dat hierdie klein Isébel, toe sy daar gekom het, sou sy regtig al die altare van God afbreek en haar eie altare opsit. En sy het Israeliete laat buig voor 'n afgod. Dis presies wat Konstantyn gedoen het toe hy die Katolieke kerk gestig het. Hy het heidendom oorgebring na die—die Christelike kerk en het Christene laat buig voor afgode. Dis presies die donker eeu weer; donker eeu van Israel, donker eeu van—van die kerk; buig voor afgode. En Elía was die ster in sy dag.

En het die hele Israel Baäl laat aanbid, en so het die Katolieke kerk ook by Thiatire.

40 Nou, ek wil hê julle moet 'n ander ding oplet wat hier tref, ek het my geskiedenis hier gekry. Jesus het gesê dat sy … haarself 'n profetes genoem het. "Daardie vrou Isébel, wat haarself (noem haarself) 'n profetes noem." Nou, julle sien, die Katolieke kerk laat nie hulle mense toe om die Bybel te lees nie omdat hulle sê dat die priester die enigste een is wat Goddelik daardie Woord kan vergoddelik.

Wel, dis ware interpretasie van 'n profeet. 'n Profeet het die Goddelike interpretasie van God se

Woord. Dis presies reg. Hoe kan 'n persoon een, iemand, "'n profeet" noem en dan sê: "hulle het die verkeerde openbaring"? Dis weer net soveel sin as Ewige seunskap, julle sien. Sien? Sien, dis—dis die … 'n *Profeet* beteken "die regte waarsêer, die een na wie die Woord van die Here gekom het, die openbaring het na hom gekom." Die woord *profeet* beteken "'n waarsêer van die Goddelike Woord." Jesus het gesê: "As daar een onder julle is wat geestelik of 'n profeet is, sal Ek, die Here, met hom praat. En as wat hy sê vervul word, luister dan na hom, ek is met hom. As dit nie gebeur nie, moet dan nie na hom luister nie." Dis al. Dit was die—dit was die Goddelike Woord van God, en die Woord van die Here het na die profete gekom.

41 Nou, hulle het gesê dat hierdie *kerk* toe "'n profeet" was. Onthou nou, dit het nou verander van hierdie Nikolaïetiese, dit het verander na 'n "*sy*." Sien julle dit? 'n "Isébel." Nou, gisteraand was "die leer van Bileam." Sien: "leerstelling van die Nikolaïete" en "leerstelling van Bileam."

Nou, Bileam was die een wat met Israel hoerery gemaak het. En wat het die—die—die Nikolaïete gedoen? Het die organisasie gemaak. So sit hulle albei bymekaar en jy het 'n *haar*: "kerk." Sekerlik! Openbaring 17: "Die groot hoer wat op baie waters sit." Vrou, prostituut. Wat is sy, of hoe is sy 'n prostituut? Sy pleeg hoerery, geestelike hoerery, interpreteer die Woord verkeerd vir die mense. Kom weg van daardie fanatisme! Dis ware fanatisme. Dis reg.

42 Nou, sien, sy noem haarself 'n profetes: "Ons is die een! Ons is die raad! Ons is weer die Laodicése raad, die raad van mense, en ons het *dit* besluit, en *dit*, en *so*. So luister julle na ons!" Maar …

Daardie—daardie klein priester hier om met my 'n onderhoud te voer oor Elizabeth Frazier, of daardie Frazier meisie. Gesê: "Die—die kardinaal wil weet of jy … of die biskop, of jy hierdie Frazier meisie gedoop het." Het gesê: "Sy word 'n Katoliek."

Ek het gesê: "Ja, ek verstaan dit."

Gesê: "Het—het jy haar gedoop?"

Ek het gesê: "Ja, meneer."

Gesê: "Hoe het jy haar gedoop?"

Ek het gesê: "In Christelike doop." Uh-huh.

Hy het gesê: "Wel, wat bedoel jy daarmee?"

Ek het gesê: "Christelike doop, soos die Bybel sê. Daar is net een manier om in Christelike doop te doop. Elke persoon in die Bybel was onder die water gedompel in die Naam van 'Jesus Christus.'"

43 Hy het neergeskryf, so begin neerskryf. Het gesê: "Jy weet, die Katolieke kerk het dit altyd gedoen."

Ek het gesê: "Wanneer?" Ek het gesê: "Ek het al die antieke geskiedenis hier waarop ek ooit my hande kon lê, van Londen en oral anders." So ek kon studeer wanneer hierdie uur binnekort sal naderkom, wanneer iets gaan gebeur. Hmm. Ek het gesê: "Ek—ek wil weet waar." Ek sou gaan …

Hy het gesê: "O," het hy gesê: "in die Bybel."

Ek het gesê: "Sê jy dat …?"

Hy het gesê: "Jesus het die Katolieke kerk georganiseer."

Ek het gesê: "Was Petrus dan die eerste pous?"

Gesê: "Beslis."

Ek het gesê: "Ek het gedink 'die kerk was onfeilbaar en het nie verander nie, en al die misse is in Latyn gesê sodat dit nie sou verander nie.'"

Hy het gesê: "Dis waar."

Ek het gesê: "Wel, julle het beslis 'n bietjie verander sedert daardie tyd." Ek het gesê: "As daardie Bybel 'n Katolieke boek is, dan is ek 'n outydse Katoliek." Sien? Dis reg. Ek het gesê: "Ek is dan 'n outydse Katoliek." En ek het gesê: "Dit het beslis …" Hy het gesê: "Wel, nou, jy sien, die Bybel is net die geskiedenis van die Katolieke kerk."

Hy het gesê: "God is in Sy kerk."

Ek het gesê: "God is in Sy Woord." Dis reg.

44 "Laat My Woord waar wees, en elke ander mens se woord 'n leuen." En hier op hierdie Boek van Openbaring is die enigste Boek (laat ek dit herhaal) waarop Jesus Sy endossement geplaas het. En die

eerste ding wat Hy gedoen het, was om Sy Godheid te openbaar, en Hy doen dit geheelenal. En het gesê: "Enigiemand wat enigiets Daaruit sal neem of enigiets Daaraan sal toevoeg, dieselfde sal (sy deel) uit die Boek van die Lewe geneem word. Geseënd is hy wat lees, of hy wat hoor. En vervloek is hy wat een ding Daaraan sal toevoeg of enigiets Daarvan wegneem." Daar het julle dit, so julle sien die gevaar deel. So moet nooit iets Daarby voeg nie; los Dit net soos Dit is, en hou net aan.

45 Die Gees sal Dit aan jou openbaar as jy net nederig sal wees, vra Hom. Sien? Dis reg. Nou, so Dit is nie ingewikkeld nie. God … Jesus het die Vader gedank vir … gesê: "Ek dank U, Vader, dat U hierdie dinge verberg het vir die oë van die rabbi's, en die biskoppe, en die kardinale, die algemene opsieners, en—en Dit geopenbaar het aan babas soos wat sal leer." Sien?

Dis wat jy wil hê. Dis 'n openbaring van God wat net kan kom soos Hy daar gesê het: "Wie sê mense is Ek?"

Hy het gesê: "U is die Christus, die Seun van die Lewende God."

Hy het gesê: "Simon, jy het dit nooit in 'n kweekskool geleer nie. Sien? Niemand het dit ooit vir jou gesê nie. Dit het gekom, was 'n openbaring uit die Hemel. En op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die hel kan nie Daarteen standhou nie."

Dis presies die openbaring wat Abel in die begin gehad het. Dis die openbaring; was toe, dit is steeds die openbaring, en dit sal altyd die openbaring wees. Dis reg.

46 Nou, ons vind hier uit dat sy nou 'n vrou was, en 'n *vro*u verteenwoordig 'n "kerk." (Is dit reg? Christus kom vir 'n wat? Bruid, 'n vrou, reine maagd.) En die ou vrou hier, sy het daarop aanspraak gemaak dat sy die Kerk van God is; maar wat sy was, sy was bekleed met rykdom en pêrel en alles, en het 'n beker gehad van die onreinheid van haar hoerery, sodat sy al die konings van die aarde dronk gemaak het van die wyn daarvan. Is dit reg?

47 Nou, ons vind haar hier dat sy "Isébel" genoem word. En Isébel, die boosheid wat Isébel gedoen het, sodra sy 'n houvas gekry het onder daardie Israeliete, het sy hulle doodgemaak en alles gedoen wat sy kon, en—en haar eie altare opgebou. Is dit reg? Dis presies wat die Katolieke kerk gedoen het. Dis presies. Maar nou laat ons net 'n bietjie verder lees. Dit gaan julle teëhou. Soms as jy teëgehou word, sal jy 'n bietjie meer eet.

> … noem *haarself 'n profetes,* (Nou, as sy sê: "Ek is die enigste uitlêer van die Woord.") en leer en *verlei my diensknegte om te hoereer, … om afgodsoffers te eet.*

Daardie broer wat gevra het oor "die slang," oor "die vrugte geëet in die tuin van Eden." Julle sien wat dit is (of hoe?) toe Hy gesê het: "eet," hier. Wat dit was, was geestelik, julle sien. En die … en …

> *En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery—hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.*
>
> *Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed* (Watter soort Bed? Van wêreldsheid. Dis presies wat sy vandag is.) *en die wat met haar owerspel bedryf in die groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.* (Dit gaan in die Groot Verdrukking in.)
>
> *En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, ...*

48 Sjoe! Haar wat? Hierdie ou meisie het 'n paar kinders gehad. Nou Openbaring 17. Hoeveel van julle …? Almal van julle was gisteraand hier, veronderstel ek. Goed. Openbaring 17, hierdie ou prostituut, Katolieke kerk, is 'n "hoer" genoem, en sy was 'n "moeder van hoere." Kon nie seuns wees nie, hulle was *kerke*.

Nou waar het die Lutherse kerk, waar het al hierdie vandaan gekom? Waar het elke organisasie vandaan gekom? Waar is die begin daarvan, Laodicea? Nikolaïete het uiteindelik daarin gevorm; dis weer presies dieselfde ding. Jy kan dit nie help nie, broer. O, Elía het uitgeroep teen die ding in sy dag. Johannes het in sy dag daarteen uitgeroep. Ja, meneer! Moenie dink jy sê in jouself: "Ons het Abraham as ons vader nie, want Ek sê God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te wek." Sien? Kan net nie verhelp word nie.

49 Nou, sy het kinders gehad. Het die ware Isébel kinders gehad? Ja, meneer! Luister: …

> *Ek sal haar kinders doodmaak …*

Wat? Die Katolieke kerk, haar kinders is die Protestantse denominasie. Sien, dis presies, want hulle doen dieselfde ding. Reg in haar gedoop deur hulle fratsdoop, onskriftuurlike doop; hande skud vir die Heilige Gees; "Vader, Seun, en Heilige Gees" in plaas van die "Jesus Christus." En doen net alles teenstrydig met die Bybel. Steeds! En hulle loop reg daarin.

50 Haar dogter is genoem Atalia, A-t-a-l-i-a. Sy het haar … Sy, Isébel, het Atalia laat trou met Joram, die seun van koning van Juda, en spoedig het die altare van Baäl in Jerusalem gestaan. Nou, jy hoef nie na die geskiedenis te gaan daarvoor nie, dis Bybel. Sien? Haar dogter, Atalia, het met Jósafat se seun getrou, wat Joram was. En haar dogters het dieselfde ding gedoen wat sy gedoen het.

O, goeiste! Kan julle dit nie sien nie? Sien julle hoe daardie organisasies gevaar het, broers? Hulle kom reguit terug deur Luther en hulle, net presies, en organiseer hulleself saam in plaas van die Heilige Gees toe te laat. En Pinkster het dieselfde presiese ding gedoen. Hulle kon nie net die Heilige Gees laat voortgaan en Sy weg hê, en voortgaan nie; en elke lig wat kom, ondersoek dit net deur die Woord, en gaan aan. Hulle kon nie die Heilige Gees laat lei nie, hulle moes 'n organisasie maak en afsny van alles anders wat sou voortkom. Het reguit teruggegaan en weer in die ding ingetrou! Net presies. Wanneer ons by daardie eeu kom, kyk julle net wat wag vir julle in die pad hier. Sien? Reguit terug daarin getrou! Jesus het hier gesê: "Haar … Hierdie Isébel, sy noem haarself 'n 'profetes,' en Ek sal haar in 'n bed van wêreldsheid gooi, en haar kinders ook doodmaak" (Nou, watter soort …?) "met 'n dood."

51 Wat is … met watter soort dood is haar kinders doodgemaak? Julle sien hulle is nou dood! Geestelik dood! Hulle het geen openbaring nie! Hulle ken hulle organisasie, hulle ken hulle kategisme, hulle ken hulle doktrine van die kerk; maar wanneer dit kom by om God te ken, weet sommige van hulle nie meer Daarvan as wat 'n Hottentot sou weet van 'n Egiptiese nag nie; dis reg, wanneer dit daarby kom om regtig die Heilige Gees te ken. Dwalend; noem Dit … wil die Gees van God 'n "waarsêer" noem, of 'n "duiwel," van … deur geeste te onderskei, en sulke dinge, en euwels uit te dryf. "Wel, hy behoort nie aan ons organisasie nie. Daardie groep, o, brrroer." Sien, hulle weet net nie. En etiketteer Dit dan met 'n—'n naam van "Jesus Alleen," of een of ander soort van 'n "heilige roller," of—of een of ander soort ding soos daardie. Weet net nie!

52 En die uur is op hande wanneer daardie ding blootgestel gaan word. Dis presies. God sal dit doen so seker as wat ek agter hierdie preekstoel staan, want Hy sal Sy kinders uitruk so seker as wat ek net hier staan. God in die Hemel weet dit. As julle glo ek is 'n profeet van die Here, 'n dienaar van die Here, luister na my. Sy's naby. Ja, meneer.

53 "Haar kinders sal doodgemaak word met geestelike dood." Kyk na hulle: koud en formeel. Kyk na die … kyk na ons … Ons hoef nie te praat van Baptiste en Presbiteriane nie, ons weet hulle is dood vir jare al. Wat …

Toe Luther sy herlewing gehad het, regverdigmaking, as hy sou … As hy sou aangehou het, sou hierdie—hierdie Pinkster groot beweging nou die Lutherse kerk gewees het. Die Lig sou deur heiligmaking gekom het, as Wesley agterna sou volg. Hy … Luther kon dit nie volg nie. Nee, meneer, hulle is alreeds Lutherane.

54 So toe kom Wesley. Na Wesley se dood, wat het toe gebeur? Hulle het dit georganiseer, en Wesleyaanse Metodis, primitiewe Wes- … o, allerhande Metodiste gemaak. Sien? En toe … Het 'n groot herlewing gehad, maar toe hulle die organisasie ingegooi het, wat het gebeur toe Pinkster gekom het en in tale gepraat en die herstel van die gawes gebring het? Hulle kon nie beweeg nie; het hulle duiwels genoem.

Nou wat het die Pinkster gedoen? Dieselfde ding wat hulle gedoen het! En waar is hulle? Net so dood soos 'n deurnael. Ja, meneer! Dis presies. "Ek sal haar kinders in 'n bed van—in 'n bed van dood gooi, en hulle doodmaak." Wel, laat—laat ek dit lees sodat julle hier sal sien, ek glo dit was die 22ste vers:

> *Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking,* (die—die Groot Verdrukking) ...

55 Dis wat deurgaan. Nou onthou, laat ek net 'n oomblik hier stop, daardie Groot Verdrukking is dit—dit wat daar gaan ingooi, is daardie mense wat die slapende maagde is wat nie olie in hulle lampe gehad het nie; tog het hulle aan 'n organisasie behoort, goeie mense, kerk toe gegaan, alles; maar hulle het gekom vir olie, maar dan te laat. Sien, gooi haar in Groot Verdrukking in, sy sal daarin gaan, die Katolieke kerk gaan in, al haar kinders gaan saam met haar, in die Groot Verdrukking.

> *... as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.*

Nie—nie die kinders wat daarin is nie; maar die kerk self, dis haar kinders (is die organisasie), nie die mense wat daarin is nie, soos arme Katolieke, Baptiste, Presbiteriane, of Pinksters. Ek voel jammer vir hulle. Net: "Wel, ek …"

"Is jy 'n Christen?"

"Wel, ek's Presbiteriaans." O!

Dit het niks meer Daarmee te doen as om te sê "'n vark met 'n sysaal aan was 'n resiesperd" nie. So

wat in die wêreld kan jy daaromtrent doen? Wel, glad niks nie. Ek het dit nie grappig bedoel nie, dis … dit is geen … nie 'n plek vir grappe nie, dit is—dit is die Evangelie. Sien? Ek wou net 'n illustrasie gee. Sien, maar dit—dis reg. Sien, hulle het niks—niks meer Daarmee te doen as niks nie.

"Ek's Pinkster."

Dit het niks meer Daarmee te doen as niks nie. Jy kan aan elf-en-veertig van hulle organisasies behoort, maar is jy 'n wedergebore kind van God? Regtig, het jy almal lief met jou hele hart, met jou siel, en jy het God lief, en jy is daagliks … maak nie saak wat enigiemand aan jou doen nie? As jy opstaan en sê: "Humm!" soos 'n gonssaag, wys dit net die Heilige Gees het weggegaan, as jy Dit ooit gehad het.

56 Kyk:

> … as sy haar nie van daardie werke bekeer nie.
>
> *En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak,*

"Haar kinders," Isébel s'n. Nou, wat het Isébel gedoen? Het haar dogter ingetrou in die ander rang (van Juda) daar oorkant, oor na Juda. Kyk nou na die geestelike toepassing. Miskien kan ek dit uitteken. Hier, hou dit nou baie mooi dop:

*Hier* is Isébel, en Israel. Maar *hier* is Juda, 'n ander tipe hier, op 'n ander een; hierdie is Jósafat s'n hier. Goed. Nou, hierdie *hier* was Agab; nou hier is Isébel reg *hierbinne*. Nou, sy kom *hier* in en het veroorsaak dat die hele Israel na afgodery gaan.

Dis presies wat Katolieke kerk gedoen het destyds in haar dae toe Konstantyn die Nikolaïete (die koue formeles *hier*) verenig het in die—tot die—die kerk en die heidendom, en 'n heidense vorm van Christendom gemaak het. Ek wil nie julle gevoelens seermaak nie, Katolieke mense, maar ek is verantwoordelik voor God. Dis al wat die Katolieke kerk is, is 'n heidense vorm van Christendom: bygelowe, en afgode, en alles anders. Dis presies reg, net 'n heidense vorm. Nou, dis waar. As ek sterf in hierdie minuut, is dit die waarheid. En die Protestante reg in dieselfde ding, net in 'n ander kategorie.

57 Nou kyk wat Isébel gedoen het. Dan, sien julle, die—die duiwel … Sy was so oorgegee, sy het haar dogters geneem. Sy het 'n dogter hier gebore gehad, en hierdie dogter gaan *hierheen* na hierdie groot heilige man en neem en trou met sy seun; en bring dieselfde ding *hierin* van Jósafat, oorkant in hierdie deel.

Nou, die ware Nikolaïete, die Nikolaïete, die koue formeles wat daardie organisasie wou hê, hulle het *hier* in dit ingetrou. En let nou op dieselfde ding. Hulle het Isébel *hierheen* geneem (die Katolieke kerk), en *hier* onder neem sy haar dogter (haar organisasies) en trou dit reg in hulle daar onder in, en doen dieselfde ding aan hulle. "Maak haar kinders dood met die dood," geestelike dood. Organiseer hulleself tot die dood, en die eerste ding wat jy weet, al die Gees is weg.

58 Sê my. Laat ek julle net een ding vra, enige historikus hier, waarvan ek weet daar is vyf of ses van julle wat hier sit. Ek wil hê julle moet vir my een Skrif of—of een teks van—van geskiedenis voortbring, dat enige van daardie kerke wat ooit geval het en teruggegaan het in die organisasie, ooit weer opgestaan het met 'n herlewing. Sê my. Toe hulle hulleself georganiseer het, het hulle ooit 'n herlewing gehad nadat hulle georganiseer het? Nee, meneer! Die Gees het hulle verlaat. Ek sluit Pinkster in.

Toe die Pinksterseëninge geval en julle almal in tale gepraat het, julle oues, toe daardie groot Pinksterseëninge en dinge geval het. Na 'n ruk het julle gehad wat julle die Algemene Raad genoem het. Organisme is goed, maar nie organisasie nie. Eerste ding wat jy weet, jy kon dit nie verduur nie, jy moes reguit teruggaan en "'n kind van die … Satan," word en jouself organiseer.

59 En toe het 'n ander Lig aangekom, oor die Naam van Jesus Christus. Toe het hulle hovaardig geraak en gesê: "Seën God, as jy nie Jesus se naam het nie, gaan jy hel toe. En ons het Dit, en julle het Dit nie." Wat het hulle gedoen? Het net daar in hulle spore gesterf; het 'n organisasie daaruit gemaak. Sien? In plaas van om die Lig net deur die kerk te laat vloei, sou dit outomaties sy plek inneem. Maar jy organiseer jouself. Wat is dit? 'n Kind van Isébel. En hulle het almal saam gesterf.

Nou wil ek julle iets vra. Het die Gemeentes van God, of die Eenheid, of—of enige van die res van hulle ooit opgestaan in 'n groot verenigde herlewing? Glad nie! Hierdie laaste herlewing het pas verbygegaan, dat die Heilige Gees afgekom het op die rivier (baie van julle wat nou hier sit) in 1933, en hierdie groot genesingsdiens sou plaasvind, het gesê: "Dit sou oor die wêreld swiep," en dit het nooit deur enige ander organisasie gekom nie. God het buite die sfere gegaan en 'n heiden opgerig, amper, om daardie herlewing te begin. En kyk wat Dit gedoen het! Sien?

Daardie organisasies, sodra hulle organiseer, is hulle dood. Hy het gesê: "Ek sal haar kinders doodmaak." O, goeiste! Ek weet julle … Moet asseblief nie sleg voel teenoor my nie, maar ek … As ek Dit weet en Dit nie sê nie, is ek 'n lae huigelaar, en God sal my verantwoordelik hou Daarvoor. Ek wil soos

Paulus wees: "Om te vermy om nie die hele raad van God te verklaar nie." Dis reg. Goed. Goed.

60 Nou, en hulle het altare gebou in Jerusalem. Nou wil ek sien … En toe Isébel met Agab getrou het, het sy beelde gebring vir Israel om voor te buig. So het die Nikolaïetiese doktrine, wat in die heidendom introu; het Jupiter afgeneem, Petrus opgesit; en Venus, aan Maria; en soos die Bybel gesê het: "Sy het die hele Israel laat sondig."

So het die Katolieke kerk al die dogters laat trou in 'n organisasie in, en die hele ding is sonde, soos Isébel vir haar dogter. Goed. En deur dit te doen toe die hiërargie opgerig is, en Pous Boniface—Boniface III het sy sitplek geneem, en hulle het 'n—'n god op 'n troon gehad, het hulle geen nut meer gehad vir 'n Heilige Gees doop in die kerk nie. Dis reg. Hulle het hulle geloofsbelydenisse en formeles gekry, en gaan voort.

61 En toe die organisasie dieselfde dogma aanvaar het, het hulle die vryheid van die Heilige Gees uitgedelg vir die kerk, Baptis, Presbiteriaan, Metodis, ensovoorts. Hulle het beslis! En geleidelik sien ons hulle verwelk en sterf soos Jesus gesê het van die wynstok. Nou, al die Heilige Gees in tekens en wonders is terug geplaas in 'n dag verby. En hulle het ryk geword, soos sy het. So sy het die hele wêreld laat sondig, omdat sy na elke nasie gegaan het, haar en haar dogters. Dis reg.

Nou kyk hoe Hy haar nou in 'n ander kerkeeu roep. Kyk hoe Hy vir haar roep. Kyk hoe Hy hier onder aan die einde pleit, en Sy Oorblyfsel uitneem: om "die Uitverkorenes se onthalwe," net 'n paar, dat geen vlees gered sou word as … ander nie.

62 Soos dit geskryf is in Openbaring 13:6. Hou julle daarvan om net 'n oomblik daarby uit te kom? Dat Hy gesê het Hy … dat "Hierdie vrou het almal 'n merk laat ontvang (hierdie dier het), het almal 'n merk laat ontvang (beide arm, groot, wie hulle ook al was), 'n merk van die dier," wat die Rooms Katoliek Kerk was.

Of dit, of hulle het 'n beeld gemaak … Openbaring 13:14, hulle het vir die dier 'n beeld gemaak. Julle —julle … Ek skat julle almal lees dit. As julle nie het nie, wel, sal ons reg terugblaai en dit lees. Openbaring 13:14:

> *En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen,* (Dit is hierdie konfederasie van kerk) ... *deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond* (heidendom) *ontvang en lewendig geword het.* … (deur pousdom, heidense Rome tot pouslike Rome. Sien?)

63 "Maak 'n beeld van haar." Wat sou dit wees? Net wat hulle nou doen, net presies, beweeg op in hierdie konfederasie van kerke: "Al die kerke behoort aan hierdie organisasie, almal gaan in een groep in." Nou kry hulle 'n Bybel. En Pous Johannes het hulle almal teruggenooi. Die aartsbiskop van Kantelberg, almal gaan rond. Eerste ding waarvan jy weet, die hele ding kom reguit terug na *Mammy*, want hulle is hoere om mee te begin. Sien? Hulle sê: "Ons sal almal saamkom in een groot saak om Kommunisme te beveg." En weet nie dat God Kommunisme laat opstaan het nie (ek kan dit bewys deur hierdie Bybel) en selfs in hulle gedagtes geplaas het om die heiliges te wreek, van die bloed wat hulle op die aarde gestort het. God het Kommunisme georganiseer net soos Hy met Koning Nebukadnésar gedoen het om—om Israel te kasty. Hy het Kommunisme laat opstaan en eendag sal sy Rome reg van die kaart af blaas. [Leë kol op band - Red.] Dis presies. God het so gesê. Dis reg.

Ek is teen kommunisme; dis anti-God. Sekerlik is dit. Maar julle moenie soveel aandag gee aan daardie Ystergordyn nie, maar hou daardie pers gordyn dop. Lees die Foxe se *Boek van Martelare* en julle sal dit sien, dit reg.

64 Nou laat ons sien waar ons … En dan sien julle nou hier dat sy almal (ryk, arm) 'n merk laat ontvang het; maar daar's een klas wat sy nie kon aanraak nie. Julle weet dit? Openbaring 13: … 8.

Luister hierna. Laat my dit lees:

> *En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, ... en op sy horings ... tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering het.* (Dis die sewe heuwels; ons het dit alles gisteraand geneem, julle weet.)
>
> *En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, ... en sy pote soos—soos dié van 'n beer, en sy bek ... soos die bek van 'n leeu; en die draak (wat die rooi duiwel was wat voor die vrou gestaan het om haar kind te verslind, wat Rome was, wat ons almal weet) ...* het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag.*
>
> *En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was* (heidendom, sien) ..., *en sy dodelike wond is genees* (pousdom neem sy plek in, sluit aan by die Christendom, met

die Nikolaïete). ... *En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan.*

Katolisisme het ingeswiep in elke nasie onder die hemele. Dis reg. Soos Daniël gesê het oor die yster wat in die klei ingaan, ensovoorts.

65 En ek sal julle 'n dingetjie daaroor gee, daardie "yster en klei." Het julle opgelet, of het ek dit ooit vir julle aangehaal, in daardie laaste groot konferensie wat hulle hier gehad het waar Khrushchev sy skoen uitgetrek en die tafel daarmee geslaan het? Daar was vyf oosterse nasies daar vergader, daar was vyf westerse nasies. Khrushchev was aan die hoof van die oosterse nasies, Eisenhower was aan die hoof van die westerse nasies; daar's die twee hoofleiers, die twee groottone. *Khrushchev*, in Rusland, beteken "klei." *Eisenhower*, in Amer- … in Engels, beteken "yster." Ons is by die einde.

> *En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en* ... (dit is ons volgende boodskap hier by die tabernakel, julle verstaan) ... *die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?*

66 Met ander woorde, kyk hier. Eisenhower het—het 'n groot naam hier in hierdie Verenigde State, maar in Rome is hy niks nie; Rusland, hy's niks. Khrushchev is groot in Rusland, maar in die Verenigde State is hy niks. Maar daar's een man wat oral groot is, dis daardie pous (dis reg). "Laat ons onsself saam organiseer en bymekaar kom."

> *En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde ... en godslasteringe uitspreek, ... en aan hom is mag gegee om dit twee-en-veertig maande lank te doen.*
>
> *En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God,* (en "onderrig in die leer van die gebooie van die mense; roekeloos, hoogmoedig, liefhebbers van genot; wat 'n gedaante van godsaligheid het, wat die krag daarvan verloën het") ... *om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster.* (Het "Vader, Seun, en Heilige Gees" geneem in plaas van die "Here Jesus Christus", sien.) … *en sy tabernakel, en hulle wat gewoon het in die … in —in die hemel.*
>
> *Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges* (daar verrys die vervolging) ... *en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie.*
>
> *En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie.* (O, o, o, o, o, o, o.)

"Grondlegging van die wêreld." Ons name, as hulle ooit in die Boek was, was daar opgesit. Jesus het gesê: "Niemand kan na My toe kom tensy My Vader hom eers trek nie, en almal wat die Vader My gegee *het*, sal na My toe kom. My skape hoor My Stem," (dit is die Voedsel, sien), "en 'n vreemdeling …"

Dan kan hy sê: "Wel, ek het pas by die kerk aangesluit, ek is so goed soos jy." Dit is nie Skaapkos nie.

*Hier's* Skaapkos: "Sit saam in Hemelse plekke in Christus." O, Hy's so wonderlik! Is Hy nie? Goed.

67 Nou laat ons baie vinnig klaarmaak, want dis, ja, dis nou verby tyd. Goed. "Maar ek sê …" Laat ons nou sien, ek het die 23ste vers:

> *En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.*
>
> *En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatíre is, almal wat hierdie leer nie het nie,* ... (Watter soort doktrine was dit? Organisasie, biskoppe, en aartsbiskoppe, en pouse, sien.)

"Wat nie hierdie leerstelling het nie." Nou, die Bybel, ons het gisteraand uitgevind dat Israel toe hulle deur Moab gekom het, was hulle nie 'n nasie nie. Hulle het gewoon op die aarde, en hulle was 'n volk, vry. Is dit reg? 'n Tipe; swerwers, in tente ensovoorts. Die pinkstergroepe is net so, die ware pinkster, wat swerf van plek tot plek. Sien? Goed.

> *... almal wat hierdie leer nie het nie,* ... (maar hulleself organiseer en 'n groot organisasie daaruit maak) ... *en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: ...*

68 Onthou nou ons het uitgevind waar Satan se setel was. Gisteraand het ons hom reguit teruggeneem na die begin. Waar was sy setel in die begin? Babilon. En Babilon … Toe die—die hiërargie, 'n koning-priester van Babilon, agtervolg is deur die oorwinnende Chaldeërs, het hy na Pérgamus gekom en sy setel gemaak. Sien, het sy setel verskuif van die land Sinear af na Pérgamus. Ons het dit net reg in die geskiedenis gisteraand gelees. En nou daar het hy daar begin, die Katolieke kerk gevorm, wat steeds

moeder Babilon is. Goed, "Die setel van Satan."

> … en die setel van *Satan, soos hulle dit noem; Ek sal op julle geen ander las lê nie.*

"Daar sal geen las meer wees nie; net wat julle alreeds het." Hierdie klein minderheid wat daarbinne is, sien, dis alles uitgedruk in hierdie Donker Eeu. Nou dis omtrent vyftienhonderd jaar wat hulle daardeur gegaan het.

> *Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom.* (Met ander woorde: "Julle het die Pinksterseën steeds in julle harte. Hou dit totdat ek kom om julle verligting te gee, want hierdie volgende eeu kom net in die volgende keer.")

> *... aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee,*

> *en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het.*

69 Julle sien, daardie Kerk, wat sal dit wees wanneer daardie Donker Eeu Kerk opstaan om in die oordeel te staan teen daardie heidense klomp van … daardie tyd? Sal hulle platgery word! Daardie kopervoete sal reg daardeur trap, sê ek julle! "Hy sal hulle in koue rillings laat uitbreek," het die Bybel gesê.

> *En Ek sal hom die môrester gee.* (Julle weet wat dit is, nie waar nie? Christus is die "Môrester." Goed.)

> *Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.*

70 O, goeiste! Is julle nie bly nie! Dis net 'n bietjie laat. Ek het nog meer, ek sal dit miskien môreaand optel, op hierdie van die tweeduisend jaar daar.

Maar Hy's die Lelie van die Dale,
Die Helder en Môrester,
Hy's die skoonste van tienduisende vir my siel;
Lelie van die Dale, in Hom alleen sien ek,
Alles wat ek nodig het … en maak my volkome heel.
In smart is Hy my troos, in die moeilikheid is Hy my behoud,
Hy sê vir my elke sorg op Hom te rol. Halleluja!
Hy's die Lelie van die Dale, die Blink en Môrester,
Hy's die mooiste van tienduisende vir my siel.

Het julle Hom lief? O, ek het net:

Ek het Hom lief, ek … (Nou laat ons Hom nou aanbid, al daardie snydende Woorde en Boodskap)
Want Hy het my eerste liefgehad
En het my verlossing gekoop
Op Gólgota se boom.

71 Is Hy nie wonderlik nie! Ek het Hom lief. Nou, die dinge wat ek gemis het om by uit te kom, sal in die boeke wees, natuurlik, want ons kan nie die hele kerkeeu in een aand bring nie. Ek het dit soort van bietjie sagter gemaak vanaand, as gevolg van 'n klein bietjie hees. Maar, o, is Hy nie wonderlik nie! O! Hmm!

Daar is mense omtrent oral,
Wie se harte almal aan die brand is,
Met die vuur wat op Pinkster geval het,
Dit het hulle gereinig en skoongemaak het;
O, dit brand nou in my hart,
O, eer aan Sy Naam!
Ek is so bly dat ek kan sê ek is een van hulle.
O, een van hulle, ek's een van hulle,
Ek is so bly dat ek kan sê ek is een van hulle, Halleluja!
Een van hulle, een van hulle,
Ek is so bly dat ek kan sê ek is een van hulle. (Is julle bly?)

72 Ek onthou toe ek een aand van Chattanooga gekom het; en die vliegtuig het geland by—by—by Tennessee, daaronder by Memphis. Hulle het my daar in daardie groot, goeie hotel gesit. En het my gebel, gesê: "Die vliegtuig sal uitgaan om—om sewe-uur, volgende oggend."

En ek het 'n bietjie pos afgeneem om in die posbus te sit; toe ek tuisgekom het, teruggeskryf aan sommige van my vriende. En toe ek afgegaan het, het die Heilige Gees gesê: "Hou aan loop." Ek het net aangehou, onder in die gekleurde distrik gekom.

Ek het daar gestaan, ek het gedink: "Goeiste! Kyk hier, dis tyd vir daardie vliegtuig om te gaan."

En die Heilige Gees het bly sê: "Hou aan loop." Net soos Hy gedoen het in die woude nou die dag daar, julle weet. "Hou net aan loop." So ek het aangehou loop.

Ek het daar ver onder gekyk, in een van daardie gekleurde pondokke waar die gekleurde mense gewoon het, arm, daar onder. 'n Ou *Tante Jemima*, tipies, met 'n seunsagtige hemp om haar kop vasgebind, leun oor die … so.

En ek het daar aangestap en gesing:

Ek's … van hulle, ek's een van hulle,
Ek is so bly dat ek kan sê ek is een van hulle, O, Halleluja! ("En wat wil U hê, Here?")
Een van hulle, ek is een van hulle, (Glo jy daarin om deur die Gees gelei te word? Ja, sekerlik.)
Ek is so bly dat ek kan sê ek is een van hulle.

73 Dit was nou omtrent veertien jaar gelede. Sy het oor die heining gekyk. Ek was omtrent, o, 'n halwe stadsblok van haar af, en ek het gesien hierdie ou, gekleurde dame hou my reg dop, julle weet. Wel, ek het net aangehou, opgehou sing, begin afstap. Ek het naby haar gekom, yslike groot trane op daardie groot vet wange; sy het na my gekyk, gesê: "Goeiemôre, Pastoor!"

Omgedraai, het ek gesê: "Hoe gaan dit, Tante?" En sy het gesê … Ek het omgedraai, sy het gelag, het 'n groot glimlag oor haar gesig gehad. Ek het gesê: "Hoe het jy geweet ek is 'n pastoor?" Daar in die Suide, weet julle, 'n *prediker* is 'n "pastoor." Het gesê … Ek het gesê: "Hoe het jy geweet ek was 'n pastoor?"

Sy het gesê: "Ek het geweet jy kom!"

En ek het gesê: "Hoe weet jy dit? Ken jy my?"

Sy het gesê: "Nee, meneer." En sy het gesê: "Ek weet jy sou kom." Gesê: "Het jy al ooit die storie gehoor van die Sunamitiese vrou?"

Ek het gesê: "Ja, meneer."

74 En sy het gesê: "Wel," het sy gesê: "ek was daardie soort vrou." Sy het gesê: "En die Here het vir my 'n baba gegee, en ek het vir haar gesê … vir Hom gesê dat ek hom sou grootmaak." Het gesê: "Ek's 'n arm vrou. Ek was en werk vir die witmense vir 'n bestaan." Sy het gesê: "En Hy het vir my gesê dat Hy—Hy vir my die baba gegee het, en ek het vir Hom gesê ek sal hom grootmaak." Gesê: "Ek het hom grootgemaak die beste wat ek geweet het hoe, maar" gesê, "Pastoor, hy het tussen die verkeerde geselskap gekom. Hy het 'n siekte gekry, en ons het niks daarvan geweet nie." Het gesê: "Hy het dit gevorderde stadium. En hy's sterwend, daar op die bed." Het gesê: "Hy is nou bewusteloos, twee dae." Gesê: "Die dokter-man het gekom en gesê: 'Dit het sy hart opgevreet, ensovoorts, het in sy bloedstroom gekom, so erg dat dit hom beskadig het; sodat die goed wat hulle hom gegee het, hom nie nou sou help nie.'" En gesê: "Hy's sterwend." En het gesê: "Ek kan net nie uitstaan om hom te sien sterf nie, 'n sondaar." En gesê: "Ek het gebid en ek het gebid," gesê: "die hele nag lank het ek gebid." Het gesê: "Hy's bewusteloos, hy weet niks nie." Het gesê: "Hy het nie vir twee dae nie."

75 Gesê: "Ek het gebid, ek het gesê: 'Here, U het my daardie baba gegee' en gesê: 'soos U met die Sunamitiese vrou gemaak het. ' Gesê: 'Waar is U Elía? Waar is …?' Gesê: 'Wel, waar—waar is iets om my te help?'"

En gesê: "Ek het aan die slaap geraak op my knieë." En sy het gesê: "Die Here het met my gepraat in my droom," en sy het gesê: "'Gaan uit en staan by die hek. En daar sal 'n man in die straat afkom, wat 'n bruin hoedjie en 'n donker pak dra.' Hy het gesê: 'Hy sal met jou praat.'"

En sy het gesê: "Ek staan hier van voordag af." En haar rug was nat van dou. En sy het gesê: "En ek het jou sien kom in daardie bruin hoed," het hy gesê: "maar jy was veronderstel om 'n klein tassie te dra."

Ek het gesê: "Ek het dit in die hotel gelos." Sien? En ek het gesê: "Jou seun is siek?"

Het gesê: "Hy sterf."

Ek het gesê: "My naam is Branham." Ek het gesê: "Ken jy my?"

Sy het gesê: "Nee, meneer, pastoor Branham, ek—ek het nooit van jou gehoor nie."

Ek het gesê: "Ek bid vir die siekes." Sy was nie geïnteresseerd daarin nie. Sy wou nie hê haar seun moet sterf, 'n sondaar nie.

76 Ek het ingestap; hulle het 'n ou hek daar gehad met 'n ploegpunt wat daaraan gehang het om dit terug te swaai (miskien sal baie van julle Noordelikes nie weet wat dit is nie), maar, om die hek toe te hou. En ek het in die huis ingestap, in 'n klein, ou, tweekamer (gelyk soos 'n klein … wat ons 'n klein "haelgeweerhuisie" noem) soos, wat daar staan; daar's 'n kamer *hier*, en dis die woonkamer, slaapkamer, en alles bymekaar; en die kombuis *daar* agter. Toe ek ingestap het … Dit was 'n klein afgewitte plekkie en mooi, gestroop aan die kante, en klapbord. So toe … Nee, ek glo sy het teerpapier bo-op die dak gehad, ek onthou hoe ek daardie groot borrels gesien het, soos van die dou, wat bo-op dit gehang het.

77 Toe, toe ek ingestap het, was daar 'n bord wat daar oor daardie deur gehang het, gesê: "God Seën Ons Huis." Reg hier in die hoek was 'n ou ledekant hier, en een hier. Daar het 'n yslike groot kêrel gelê (nie 'n mat op die vloer nie), yslike groot seun, groot gawe kêrel wat daar gestaan het. Ek skat hy was 'n … weeg 'n honderd-en-sewentig of tagtig pond, byna ses voet. En hy het die kombers in sy hand gehad, gegaan: "Uhm. Uhm."

En sy het gesê: "Mamma se baba."

En ek het gedink: "'Mamma se baba.'" En tog het hy 'n—hy het 'n sosiale siekte gehad, sifilis. En hy—hy was sterwend.

En sy het hom op sy voorkop gesoen, en hom so geklop, gesê: "Mamma se baba."

78 Wel, my hart het net geswel. Ek het gedink: "Ja, maak nie saak hoe diep jy in sonde is nie, jy's steeds haar baba." Toe het ek gedink: "Sien, maak nie saak hoe sleg hy was nie, dis steeds 'Mamma se baba.'" En ek het gedink: "God het gesê: ''n Moeder mag haar suigeling vergeet; maar Ek kan jou nooit vergeet nie, want jou naam is gegraveer in die palms van My hand.'" Sien? Hoe kan dit wees!

Ek het gekyk na daardie arme ou heilige wat daar rondgestap het. Jy sou kon sê, broer, sy het niks in die huis gehad nie; maar sy het iets in die huis gehad wat elke huis in Indiana of oral anders behoort te hê; dis God. Ek sou dit liewer wou hê as om 'n groot mooi huis te hê met voorblad meisies, en al hierdie vulgêre, nare goed. Ou Bybel lê daar waar Dit oopgemaak word, ou bladsye gerimpel Daarin.

Ek het na haar gekyk. En sy het gesê: "Die Pastoor kom bid vir jou, skat."

Hy gaan: "Uhm. Uhm. Donker. Uhm."

79 En ek het gesê: "Wat sê hy?"

Sy het gesê: "Hy weet nie. Die dokter-man sê: 'Hy's van sy kop af.'" Gesê: "Hy dink hy's buite in 'n groot see iewers, en hy roei 'n boot, en hy's verlore." En gesê: "Dis wat ek nie kan uitstaan nie, Pastoor: om te weet my baba is sterwend, verlore." En sy het gesê: "Ek weet jy kom om my te help, want die Here het my klaar so gesê."

Ek het gesê: "Ek sal vir hom bid," en ek het gesê: "miskien sal die Here hom genees."

Sy was nie geïnteresseerd daarin nie, sy wou net hê hy moes opstaan en sê dat hy 'gered' was. Dis al, net so lank as wat hy gered is. Maak nie saak nie, hy moet in elk geval gaan, so, een of ander tyd; solank hy gered is! O, as ons net daardie gesindheid kon kry! Daardie Ewige Tuiste oorkant, sy het geweet sy sou dan weer saam met hom lewe.

Gesê: "As ek hom net kon hoor sê hy is 'gered.'"

Ek het gesê: "Laat ons buig." En sy het neergekniel. En ek het net sy voete beetgekry, en sy voete was baie koud en klewerig. En ek kon nie die kombers oor hulle trek nie, 'n klein—'n dun kombersie wat sy daar oor hom gehad het; en het net sy onderbroek aangehad, julle weet.

80 En so het hy … En hy het dit so teruggetrek, net gedink hy was daarin. Hy het dit gegryp, en gedink hy trek roeispane. Hy het bly sê: "Dis so donker. Uhm. Uhm. Dis so donker." So toe het sy probeer om met hom te praat; en hy hou net aan sê: "Dis donker en koud," trek net.

Toe het ek—ek 'n bietjie na haar gekyk, en sy het daar gekniel, en ek het gesê: "Tante, sal jy ons in gebed lei?"

Sy het gesê: "Ja, meneer."

Net sy, en ek, en die seun, en die Heilige Gees in die kamer, is al. Daardie ou heilige het gebid. Goeiste! Toe sy met Hom gepraat het, het jy geweet sy het tevore met Hom gepraat. Ja, meneer! Sy het geweet met wie sy gepraat het. Sy het gesê: "Here, ek weet nie wat U gaan doen nie," het sy gesê: "maar alles is net soos U dit gesê het."

81 O, goeiste! O! Ek is so bly, ek is so bly Hy is steeds dieselfde Jesus wat daar was met daardie heiliges daaragter. Hy is steeds dieselfde Jesus vandag.

En ek het haar nooit gevra oor haar godsdiens, of sy Baptis, Pinkster, of wat was nie. Dit was nie my besigheid nie. Ek het—ek het net die Heilige Gees gevolg, en sy het dieselfde ding gedoen. Ons wou sien wat Hy gaan doen.

So ons het neergekniel, en sy het begin bid. Toe sy klaar gebid het, het sy opgestaan en sy kop gesoen, gesê: "God, seën my baba."

En toe het sy gesê: "Nou sal jy bid, Pastoor?"

En ek het gesê: "Ja, mevrou." En net toe was dit omtrent halfnege, miskien kwart voor nege, en ek was in … twee myl van die plek af, en—en die vliegtuig vertrek om sewe-uur; en het nie geweet wanneer ek ooit sou uitkom nie.

82 So ek het my hande daar op sy voete gesit, ek het gesê: "Hemelse Vader, ek verstaan dit nie. En U … Ek—ek was veronderstel om 'n vliegtuig te haal 'n rukkie gelede, byna 'n uur en 'n half gelede. U het net bly sê: 'Loop,' en dit is die enigste ding wat ek nog gevind het. En sy het gesê dat U … sy het my sien kom. As dit—as dit U was, Here, dan weet ek nie wat om te doen nie, maar sit net my hande op die seun."

Hy het gesê: "O, mamma," gesê: "dit raak nou lig hierbinne." En omtrent vyf minute van toe af, het hy op die kant van die bed gaan sit, met sy arms om sy moeder.

Ek het uitgeglip, daar afgehardloop en 'n taxi geneem, en na die hotel toe gehardloop om my tas te kry. En gedink ek sou oorgaan en net wag, miskien 'n dag of twee in daardie dae moet wag. Julle weet hoe moeilik dit was net na die oorlog daar om 'n vliegtuig te kry, so ek het gedink: "Ek sal 'n paar dae moet wag."

En ek het in die taxi geklim en daar uitgehardloop, lughawe. Net toe ek daar kom, het hulle gesê: "Vlug nommer 196 na Louisville, Kentucky, vertrek nou." God het daardie vliegtuig vir my op die grond gehou, so. O, ek glo dit!

83 Omtrent twee jaar van toe af, het ek met die trein afgegaan, na Arizona gegaan, na Broer Sharrit, daar na 'n byeenkoms. En so moes ek Broer Moore-hulle ontmoet. En so toe ek soontoe gegaan het, het ek daar by Memphis gestop. En die trein het ingetrek, as julle almal weet hoe dit trek om weswaarts te gaan soos hierdie, en dan terugstoot en die draaiskyf neem en afskakel.

En daardie toebroodjies op die trein, hulle wil omtrent sestig sent vir hulle hê. En ek kan hulle vir tien, vyftien sent koop, julle weet, êrens anders. En ek het net gewag tot die trein gestop het, om vir my toebroodjies te kry. Ek sou vir my 'n ha- … sak vol hamburgers kry, en regtig 'n jubileum hê terwyl ek soontoe gaan. So ek het uitgespring en baie vinnig daar afgehardloop om vir my 'n hamburgerstalletjie te kry; rondgekyk, sy gaan daar oorstaan vir omtrent dertig minute.

84 En so het ek—ek begin om vir my 'n paar hamburgers te kry, en ek het iemand hoor sê: "Hello, daar, Pastoor!" En ek het omgekyk, 'n klein rooi petjie, het daar gestaan en sy oë geknip, julle weet, gesê: "Ken my nie, nie waar nie?"

"Ek glo nie so nie, seun."

Het oorgekom, gesê: "Kyk goed na my!"

En ek het gesê: "Ja?" Ek het gesê: "Ek glo nie ek ken jou nie."

Hy het gesê: "Ek ken jou!" Gesê: "Jy pastoor Branham!"

En ek het gesê: "Ja, dis reg." Ek het gesê: "Was jy al ooit in een van my dienste?"

Gesê: "Nee, meneer!" Gesê: "Onthou jy daardie oggend toe jy afgekom het na die huis en my mamma het gew- …?"

"O!" Ek het gesê: "Jy's nie hy nie!"

Het gesê: "Ja, ek is! Ja, ek is!" Hy het gesê: "Pastoor," gesê: "ek is genees, gesond, en wel. En nie net dit nie, maar ek's nou 'n Christen!"

85 Prys die Here! O!

Hulle was bymekaar in die bovertrek,
Almal biddend in Sy Naam,
Hulle is gedoop met die Heilige Gees,
En krag vir diens het gekom;
Nou wat Hy vir hulle gedoen het daardie dag
Hy sal dieselfde vir jou doen, (Is jy nie bly nie?)

Ek is so bly dat ek kan sê ek is een van hulle.
Een van hulle, een van hulle,
Ek is so bly dat ek kan sê ek is een van hulle, Halleluja!
Een van hulle, ek's een van hulle,
Ek is so bly dat ek kan sê ek is een van hulle.

Hulle het nie groot geleerdhede en dinge nie:
So hierdie mense mag nie leer om te wees nie,
Of spog met wêreldse roem,
Hulle het almal hulle Pinkster ontvang,
Gedoop in Jesus se Naam;
En vertel nou, beide ver en wyd,
Sy krag is steeds dieselfde,
Ek is so bly dat ek kan sê ek is een van hulle.
Een van hulle, ek's een van hulle,
Ek is so bly dat ek kan sê ek is een van hulle, Halleluja!
Een van hulle, een van hulle,
Ek is so bly dat ek kan sê ek is een van hulle.
Kom, my broer, soek hierdie seëning
Dit sal jou hart van sonde reinig,
Dit sal die vreugdeklokke laat lui
En sal jou siel aan die brand hou;
O, dit brand nou in my hart,
O, eer aan Sy Naam,
Ek is so bly dat ek …

Nou skud hande met iemand voor, agter, en rondom:
O, een van hulle, een van hulle,
Ek is so bly dat ek kan sê ek is een van hulle, Halleluja!
Een van hulle, een van hulle,
Ek is so bly dat ek kan sê ek is een van hulle.
Een van hulle, een van hulle,
Ek is so bly …?…
… een van hulle,
Ek is so bly dat ek kan sê ek is een van hulle.
Ek is een van hulle, een van hulle,
Ek is so bly dat ek kan sê ek is een van hulle, Halleluja!
Een van hulle, een van hulle,
Ek is so bly dat ek kan sê ek is een van hulle.

86 Wat is hierdie outydse godsdiens? Dit het *hier* begin, en sy drup heelpad deur met die Bloed van Jesus Christus. O, goeiste! O, hoe bly is ek vir die Evangelie! O! O, ja, meneer!
Dit drup met bloed, ja, dit drup met bloed,
Hierdie Heilige Gees Evangelie drup met bloed,
Die bloed van dissipels (martelare, almal), wat gesterf het vir die Waarheid,
Hierdie Heilige Gees Evangelie drup met bloed.

Nou, watter soort Evangelie is Dit? Soos Dit begin het by Pinkster, sien.
Die eerste een wat gesterf het hierdie Heilige Gees plan,
Was Johannes die Doper (sien, hy het ontvang in sy moeder se skoot, julle weet) … gesterf soos 'n man;
Toe kom die Here Jesus, hulle het Hom gekruisig,
Hy het gepreek dat die Gees mense van sonde sou red.
Aangehou drup met bloed, ja, drup met bloed,
Hierdie Heilige Gees Evangelie drup met bloed,
Die bloed van dissipels wat gesterf het vir die Waarheid,
Hierdie Heilige Gees Evangelie drup met bloed.

87 Jy kan Dit nie organiseer nie! Huh-uh!
Daar is Petrus en Paulus, en Johannes die goddelike,
Hulle het hulle lewens opgegee sodat hierdie Evangelie kon skyn;
Hulle het hulle bloed met die profete van ouds vermeng,
So die ware Woord van God kon eerlik vertel word.
Het aanhou drup met bloed, ja, drup met bloed,
Hierdie Heilige Gees Evangelie drup met bloed,
Die bloed van dissipels wat gesterf het vir die Waarheid,

Hierdie Heilige Gees Evangelie het gedrup met bloed.
Daar was siele onder die altaar, wat uitgeroep het: "Hoe lank?"
Vir die Here om diegene te straf wat verkeerd gedoen het;
Maar daar gaan meer wees wat hulle lewe se bloed sal gee
Vir hierdie Heilige Gees Evangelie en sy bloedrooi vloed.
Hou aan drup met bloed, ja, dit drup met bloed,
Hierdie Heilige Gees Evangelie drup met bloed,
Die bloed van dissipels wat gesterf het vir die Waarheid,
Hierdie Heilige Gees Evangelie drup met bloed.

88 Nou, van die tyd van Pinkster, en die martelare van Pinkster, af in die kerk van Efése, af in Pérgamus, af in Thiatire, af in—in die Sardis, in die Efésiese … of die Filadelfiese, en verder af in die Laodicése in. En nou wat ons … het hier gebeur? Soos die Bybel gesê het, alles het ingekom, en hierdie dier sou opstaan in die Verenigde State.

Onthou julle die visioen wat hier gelees is, 1933? Ek het gegaan … Die kerk was nie eens gebou nie. Het nie geweet wat 'n visioen was nie, het dit 'n "beswyming" genoem. Ek was net 'n jong Baptiste prediker, en ons was …

My hele lewe lank het ek daardie visioene gesien, en ek sal enigiemand vra om op te staan en te sê of een van hulle ooit gefaal het. Nee, het nooit nie! Dit kan nie! Sien? Dit sal nie!

89 En nou, en soos ek die Sondagskool begin het, het ek in 'n beswyming verval. Ons het dit hier by die ou Vrymesselaarshuis gehad, Charlie Kern se plek, klein groepie van ons. En ek het gesien hoe hierdie President Roosevelt die wêreld lei na 'n wêreldoorlog. Voorspel! Ek het gesê: "En daar's drie ismes: die Nazi's, en die Fascisme, en Kommunisme." Ek het gesê … (Hoeveel hierbinne onthou?) Ek het gesê: "Hou julle oë op Kommunisme, dit sal alles daarbo kop uitsteek." Ek het gesê: "Ethiopië, Mussolini sal na Ethiopië gaan, maar hy sal faal." En ek het gesê: "Ons sal uiteindelik oorlog voer met Duitsland, maar" het ek gesê: "Duitsland sal versterk wees in 'n yslike groot klomp beton." Elf jaar voor die Maginotlyn gebou is, elf jaar.

90 Ek het gesê: "Dan na die oorlog … Ons sal dit uiteindelik wen. En nadat die oorlog verby is, sal dit gebeur dat wetenskap groot dinge sal uitvind." En ek het gesê: "Wanneer hulle dit doen, sal hulle 'n motor vervaardig, en motors sal voortdurend van vorm verander." (Julle weet hoe hulle gelyk het in '33.) Nou toe, gesê: "Hulle sal soos eiers word, lyk soos eiers. Want ek het gesien op 'n hoofweg, 'n groot hoofweg, 'n motor wat met die pad afgaan wat geen stuurwiel in gehad het nie. Dit was beheer deur 'n krag." Hulle het dit reg nou.

Ek het gesê: "Gedurende daardie tyd … Nou laat hulle vroue toe om te stem; en vroue, in stemming, sal uiteindelik …" Ek het gesê: "Hierdie nasie is 'n vroue nasie, dis gekenmerk deur 'n vrou. Dis 'n vrou reg deur profesie, oral; en nommer dertien oral in profesie." En ek het gesê: "Dis 'n vrou se land, sy het haar vryhede hier. En sy sal dit ruïneer, sy's die ondergang van die wêreld."

91 (En, Roy, ek het jou briewe daaroor, daardie groot vrou wat … "Elke strafsaak … Ons het … Ek het dit nou af ge-X-straal na: elke strafsaak wat ooit in hierdie Verenigde State gedoen is, het 'n vrou daaragter gehad." Dis presies reg. Dis onsedelike vroue, julle sien, en dinge.)

Nou, so toe het ek gesê: "Daar sal in daardie tyd wees, gedurende daardie tyd sal die vroue toegelaat word om te stem, en hulle sal die verkeerde persoon kies." Hulle het dit gedoen op hierdie laaste verkiesing. Dis reg. "Wat die vesting sal begin. Gedurende daardie tyd sal dit gebeur dat—dat daar 'n groot vrou sal opstaan in die Verenigde State, sy sal pragtig geklee wees," en ek het tussen hakies: "(miskien die Katolieke kerk)." Sien? "Dit sal heerskappy oor die mag neem, die ander in die Verenigde State oorweldig. Sy sal mooi wees om na te kyk, maar sy sal so wreed wees soos sy kan wees."

92 Ek het gesê: "Toe het ek weer gekyk, en ek het die Verenigde State net in stukke geblaas gesien. Daar was niks meer oor nie."

En ek het toe voorspel. "Nou dit, dit was SO SPREEK DIE HERE."

En dink! Vyf van daardie sewe voorspellings het alreeds gebeur.

Die kerk om 'n houvas te kry, die Katolieke kerk. En die koms van die endtyd.

En ek het gesê: "Ek het gesien, gelyk asof daar stompe brand; rotse, uitgeblaas; en die hele Verenigde State het net kaal gelyk, so gelê, so ver as wat ek kon sien waar ek gestaan het."

En ek het gesê: "Ek voorspel, volgens hoe die tyd beweeg, dit sal iewers wees tussen hierdie jaar '33 en '77." En dit sal verskriklik hard moet druk om daar deur te kom.

En ons sit op 'n kruitvat, vriende. Alles is gereed.

93 O, maar ons kosbare Hemelse Vader Wat belowe het, Wat belowe het! Is dit nie wonderlik om 'n dienaar van Christus te wees nie? Al die dinge wat Hy belowe het! En dink; ons het die voorreg. Hy lewe net hier. Hy reg by ons nou, ken elke geheim van elke hart, weet alles van jou; daardie vlammende vure wat reg deur ons harte gaan, weet alles van ons, het ons lief.

En is julle nie bly om in daardie klein minderheidsgroep te wees, vanaand, wat die Geloof bewaar nie? Want dit was Sy gebod: "Vrees nie, klein kuddetjie, dis U Vader se goeie wil om vir julle die Koninkryk te gee. En behalwe as hierdie werk kortgeknip sou word, sou daar geen vlees gered word nie." Sien, ons is reg by die endtyd.

94 Die Pinksters het koud geword, louwarm, uit die mond van God gespuug.

Net 'n klein groepie hier uitgetrek, net 'n paar, maar daarin sal kom die: "Kyk, die Bruidegom kom!" En wanneer dit gebeur, elkeen van hierdie wake, elke waak van hierdie wake, om … Onthou, daar's sewe wake van hulle. En ons is reg in hierdie laaste waak. Maar elkeen van daardie maagde hieragter het opgestaan. Amen! O, wat was dit? Dieselfde Heilige Gees.

Dan wanneer die kerk gaan in … Soos ons Sondagaand geneem het, Josef om homself bekend te maak aan Israel, sy broers, hy het sy bruid uitgestuur, alles, en hulle teruggestuur in die paleis in. En hy het alleen gestaan saam met die Jode en gesê: "Ek is Josef, julle broer."

Plaas dit reg in die Skrif waar hulle gesê het hulle sou 'n dag van rou bepaal, en elke huis rou vir homself.

Hulle het gesê: "Waar het U daardie littekens gekry?"

Het gesê: "In die hande van …"

"In U hande?" Gesê: "In die huis van My vriende."

"Hulle wat Hom deurboor het, sal na Hom kyk." En daar staan Hy, die Josef.

Hy het gesê: "Moenie …" Soos Josef gesê het: "Moenie vir julleself kwaad wees nie, want God het dit gedoen om lewe te bewaar." Wat? Die Lewe van die Kerk, die Heiden: "Om Sy Naam se ontwil, 'n volk uit die Heidene."

95 O, ons is aan die einde, my broers. Ons is hier! Geseënd sy die Naam van die Here! Laat ons hierdie goeie ou lied sing, as pinksterbroers en susters, saam. Nou, julle sê: "Wel, ek's 'n Baptis." Maar as jy die Pinksterseëning het, is jy pinkster. Uhhum. Goed. Goed:

Geseënd is die band wat bind
Ons harte in Christelike liefde;
Die gemeenskap van verwante gesindheid
Is soos dit daar bo.

Nou luister, vriende. As daar enigiemand hier onder ons is, dat as daar êrens langs die lewensreis is dat 'n klein bitterheid in jou hart gekom het, (Hoor my!) kry dit nou uit daar. Kry dit, moet nooit toelaat dat enigiets …

['n Suster praat in 'n ander taal. Leë kol op band. 'n Broer gee 'n boodskap — Red.]

Amen. ['n Broer praat in 'n ander taal en interpreteer dan — Red.]

Amen. Amen.

96 Here Jesus, ons dank U vir hierdie boodskappe. Dit roer ons, Here, wetende dat ons nie ontwyk het nie, maar die geloof behou het. O, ek bid, God, dat die Gees sal voortgaan om in die kerk te bly. Hou ons naby aan mekaar, Vader. Hou ons by U. En wandel onder ons, Here, in hierdie laaste kandelaareeu waarin ons lewe. Wees ons Lig. Skyn voort op ons, hierdie groot tye van duisternis, Here, want ons besef dat *kandelaar* en *sterre* praat van "duisternis." En Here, ons is bly dat ons kinders van Lig is, wandel in die Lig van God. Ons is nie aardsgebonde met hierdie dinge van die aarde nie, maar ons is U kinders. Hoe dank ons U nie vir hierdie dinge nie.

Ons dank U dat U hierdie boodskappe gestuur het as bevestiging van U Woord. Mag U altyd onder ons geëer word, Vader. Mag U ons weerhou van alle bitterheid van die aarde. Hou ons geheilig, dat ons lewens rein en skoon en heilig voor U sal wees. Laat die Bloed van Jesus Christus dit doen vir elkeen van ons, Here. Neem onder ons uit, as daar enigiets is wat nie reg is nie. Neem dit van ons af, Here. Hierdie is die uur van deursoekingstye.

Hierdie dienste is bedoel vir daardie doel om ons harte te ondersoek. U het gesê daardie vuurvlamme van U oë: "ondersoek en ken die oorlegginge van die hart." U weet beslis, Vader. En praat terug met ons en sê ons dan om te maak … onsself gereed te hou dat die uur aanbreek.

O, hoe dank ons U hiervoor, Vader. Ons sal dit doen met alles wat in ons is deur U genade. Amen.

97 O, het julle Hom nie lief nie? Nou, as daar 'n vreemdeling onder ons sou wees, dis hoe dit aan die begin was. Toe Jesus hier op aarde was, het Hy gesê, iemand het Hom gevra oor 'n huweliks- en egskeidingsaak of iets, Hy het gesê: “Dit was nie so van die begin af nie.” Moet teruggaan na die begin.

Dan as die begin 'n Pinksterkerk was en Hy's die Wynstok, is ons die lote, elke keer wat daardie Wynstok 'n kerk voortbring, sal dit 'n Pinksterkerk wees, Pinkstertak; dieselfde ding wat dit aan die begin was (sien?), elke keer. Nou, jy kan ander wingerde daarin inent, en dit sal sy vrugte dra. Jy kan 'n—'n lemoenboom neem en 'n suurlemoen daarop sit, dit sal suurlemoene dra wat van die lemoenlewe af lewe. Sit 'n pomelo daarby, en dit sal 'n pomelo dra omdat dit 'n sitrusvrug is.

98 So hierdie organisasies, denominasies en dinge, het daar uitgesteek, Christene geroep, hulle kan volgens die Christelike lewe lewe. Dis presies reg, maar hulle sal denominasionele vrugte dra. Dis reg. Want hulle steek uit soos dit. Maar as daardie loot self ooit 'n … of as daardie Wynstok ooit 'n loot voortbring, sal dit wees … dit sal 'n Boek van Handelinge daaragter skryf. Dis presies reg. Want dis wat die eerste keer gebeur het. Elke tak wat dit self voortbring, sal lemoene hê, elkeen. En die Bybel het gespreek; dit het twaalf takke daarop gehad.

O, ek is so bly om onder daardie tak te lewe, is jy nie? Ja, meneer. O, dis wonderlik.

Goed, onthou nou môreaand op die eeu van Phila- … van Sardis. Die …?… kom voort uit die Lutherse organisasie, Martin Luther …?…

MESSAGE hub online
www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur
William Marrion Branham
"… in die dae van die stem …" Openb. 10:7